

# GRONDWET

van

## HARTENBOS VAKANSIEDORP

### HUISEIENAARSVERENIGING

(die "Vereniging")

#### AANVAARDING VAN GEWYSIGDE GRONDWET

In terme van 'n Spesiale Besluit geneem deur die Algemene Jaarvergadering op 29 Desember 2025 word die bestaande Grondwet van die Vereniging hiermee in die geheel herroep en vervang met die Grondwet soos hierin vervat.

Die Gewysigde Grondwet word onderteken deur elke Bestuurslid van die Vereniging soos aangewys deur die Spesiale Besluit van Lede op 29 Desember 2025

NAAM VAN BESTUURLID	HANDTEKENING	DATUM
Frans Stapelberg		6/1/2026
Kobus Burger		20/1/26
Gideon Knoetze		14/1/26
Karen Taljaard		6 Januarie '26
Lynette le Roux		15/01/2026

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17-03-2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500

**INHOUDSOPGAWE**

<b>1. DEFINISIES</b>	<b>4</b>
<b>2. INTERPRETASIE</b>	<b>6</b>
<b>HOOFSTUK 1: STIGTINGSBEGINSELS VAN DIE VERENIGING</b>	
<b>3. DIE GRONDWET</b>	<b>8</b>
<b>4. REGSPERSOONLIKHEID</b>	<b>9</b>
<b>5. DOELWITTE VAN DIE VERENIGING</b>	<b>10</b>
<b>6. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING</b>	<b>11</b>
<b>7. ONTBINDING</b>	<b>12</b>
<b>8. VERENIGINGS REËLS</b>	<b>13</b>
<b>HOOFSTUK 2: LEDE</b>	
<b>9. LEDEVERGADERINGS</b>	<b>16</b>
<b>10. KENNISGEWINGS VAN LEDEVERGADERINGS</b>	<b>17</b>
<b>11. LEDEVERGADERINGSPROSEDURES</b>	<b>18</b>
<b>12. KWORUMVEREISTES VIR LEDEVERGADERINGS</b>	<b>20</b>
<b>13. REKORDDATUM VIR LEDEVERGADERINGS</b>	<b>21</b>
<b>14. PROKSIES</b>	<b>21</b>
<b>15. STEMREG VAN LEDE</b>	<b>22</b>
<b>16. ALGEMENE VERPLIGTINGE VAN LEDE</b>	<b>24</b>
<b>HOOFSTUK 3: BESTUURSRAAD</b>	
<b>17. MAGTE EN FUNKSIONERING VAN DIE RAAD</b>	<b>26</b>
<b>18. SAMESTELLING VAN DIE BESTUURSRAAD</b>	<b>27</b>
<b>19. BENOEMING VIR VERKIESING TOT DIE BESTUURSRAAD</b>	<b>28</b>
<b>20. VERKIESING VAN BESTUURSLEDE</b>	<b>29</b>
<b>21. VAKATURE OP DIE BESTUURSRAAD</b>	<b>30</b>
<b>22. VERGADERINGS VAN DIE BESTUURSRAAD</b>	<b>31</b>
<b>23. BESLUIE VAN DIE BESTUURSRAAD</b>	<b>33</b>

**MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI**

**17-03-2026**

**Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500**

24. BESTUURSLEDE SE UITGAWES EN VERGOEDING	34
25. VRYWARING VAN BESTUURSLEDE	35
26. KOMITEES VAN DIE BESTUURSRAAD	35
HOOFSTUK 4: FINANSIËLE BESTUUR	
27. FINANSIËLE BESTUUR EN JAARSTATE	36
28. HEFFINGS	36
HOOFSTUK 5: ALGEMEEN	
29. KENNISGEWINGS EN DOKUMENTASIE	38
30. LEDE SE REG OP INLIGTING	39
31. VRYWARING	39
32. GESKILBESLEGTING DEUR BEMIDDELING	39
33. ARBITRASIE	41
VERENIGINGSREËLS: BYLAES	
BYLAE A: ONTWIKKELINGSRIGLYNE	
BYLAE B: GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN DIE BESTUURSRAAD	
BYLAE C: ALGEMENE GEDRAGSREËLS	

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17-03-2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500


## 1. DEFINISIES

In die Grondwet (wat insluit bylaes en aanhangsels), tensy anders aangedui, het die volgende uitdrukkings die betekenis hieronder daaraan gegee:

- 1.1 "ATKV" beteken die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (Registrasienuommer: 62/00006/08);
- 1.2 "Besigheidsdag" beteken elke dag van die week behalwe Saterdag, Sondag en amptelike openbare vakansiedae van die Republiek van Suid-Afrika;
- 1.3 "Bestuursraad" beteken die Bestuursraad van die Vereniging, soos verder omskryf by wyse van Hoofstuk 3 hieronder;
- 1.4 "Elektroniese Kommunikasie" beteken 'n kommunikasie by wyse van elektroniese data, byvoorbeeld, maar nie daartoe beperk nie, e-posse, webtuistes, elektroniese platforms vir gesprekke, ensovoorts;
- 1.5 "Erf" beteken enige erf (behalwe 'n erf wat aan die Vereniging behoort) binne die Vakansiedorp, onderhewig aan alle serwitute en voorwaardes vervat in die titelakte van die Erf en/of in die Skemaregulasies, voorskrifte en ordonnansies van die Plaaslike Owerheid;
- 1.6 "Finansiële Jaar" beteken die finansiële jaar van die Vereniging, wat strek vanaf 1 Oktober van elke jaar tot 30 September van die volgende jaar;
- 1.7 "Finansiële State" beteken die amptelike finansiële state van die Vereniging vir 'n Finansiële Jaar;
- 1.8 "Gemeenskaplike Ruimtes" beteken enige grond binne die Vakansiedorp en waarvan die Vereniging die geregistreerde eienaar is, of wat aan die Vereniging behoort in terme van die Plaaslike Owerheid se regulasies en ordonnansies vir grondgebruiksbestuur vir huiseienaarsverenigings, en wat met die aanvaarding van hierdie Grondwet alle privaat paaie en privaat oopruimtes in die Vakansiedorp insluit en waarvoor die Vereniging die verantwoordelikheid dra vir die instandhouding daarvan;
- 1.9 "Geregistreerde Eienaar" beteken die geregistreerde eienaar van 'n Erf soos geregistreer in die Akteskantoor, maar sluit die Vereniging uit;
- 1.10 "Geregistreerde Kantoor" beteken die amptelike kantore van die Vereniging soos van tyd tot tyd deur die Bestuursraad bepaal;
- 1.11 "Gewone Besluit" beteken 'n besluit van Lede aanvaar met die ondersteuning van meer as 50% (vyftig persent) van Stemregte uitgeoefen. Ter wille van duidelikheid, slegs Stemregte uitgeoefen word gebruik om te bepaal of die 50%- (vyftigpersent-) drumpel bereik is en weerhoude stemme word geensins in ag geneem of bygereken nie.
- 1.12 "Grondwet" beteken die grondwet soos in hierdie dokumente vervat, ingesluit die Bylae tot die Grondwet.
- 1.13 "Heffing" of "Heffings" beteken 'n heffing(s) ingestel deur die Vereniging soos onder meer beskryf in klousule 28;
- 1.14 "Individu" beteken 'n natuurlike persoon;



- 1.15 "Ledevergadering" beteken 'n Algemene Jaarvergadering en/of 'n Spesiale Ledevergadering, soos verder omskryf in Hoofstuk 2;
- 1.16 "Lid" of "Lede" beteken 'n Persoon of Persone wat lidmaatskap het van die Vereniging kragtens die bepalings van die Grondwet, en sluit in, waar van toepassing, sodanige Lid se eksekuteurs, kurators, likwidadeurs of besigheidsreddingspraktisyn;
- 1.17 "Ontwikkelingsriglyne" beteken die ontwikkelingsriglyne soos van tyd tot tyd gewysig en wat met die aanvaarding van hierdie Grondwet bestaan het soos aangeheg as "Bylae A";
- 1.18 "Ouditeure" beteken die Vereniging se ouditeure soos van tyd tot tyd aangestel;
- 1.19 "Persoon" beteken 'n Individu of 'n Regspersoon, na gelang van die geval en sluit in enige ander entiteit wat regtens die eienaar van 'n Erf mag wees;
- 1.20 "Plaaslike Owerheid" beteken die Mosselbaai Munisipaliteit, of na gelang van die geval, enige ander plaaslike owerheid met jurisdiksie oor enige aangeleentheid van die Vereniging of van 'n Erf;
- 1.21 "Regspersoon" beteken 'n entiteit geskep deur regswerking, met 'n onderskeibare, afsonderlike regs persoonlikheid, en sluit in 'n trust, maar sluit 'n Individu uit;
- 1.22 "Rekeningkundige Rekords" beteken inligting in geskrewe of elektroniese vorm aangaande die finansiële sake van die Vereniging soos vereis ingevolge die Wet, insluitend, maar nie beperk nie, tot aankoop- en verkoopsrekords, joernale en grootboeke en ander dokumente benodig in die voorbereiding van Finansiële State;
- 1.23 "Rekeningkundige Standaarde" beteken die finansiële verslagdoeningstandaarde van die Vereniging en soos van tyd tot tyd deur die Bestuursraad bepaal;
- 1.24 "Rekorddatum" beteken die datum soos omskryf in klousule 13 hieronder;
- 1.25 "Spesiale Besluit" beteken 'n besluit van Lede aanvaar met die ondersteuning van ten minste 75% (vyf en sewentig persent) van Stemregte uitgeoefen. Ter wille van duidelikheid, slegs Stemregte uitgeoefen word gebruik om te bepaal of die 75%- (vyfensewentigpersent-) drumpel bereik is en weerhoude stemme word geensins in ag geneem of bygereken nie.
- 1.26 "Stemreg" of "Stemregte" beteken, met betrekking tot 'n enige saak waaroor die Vereniging moet besluit, die reg van elke Lid om te stem oor sodanige saak, en soos verder omskryf in klousule 15;
- 1.27 "Vakansiedorp" beteken die gebied bestaande uit die volgende sones en Erwe soos ook beskryf in die The Mossel Bay Municipality Standard By-Law on Municipal Land Use Planning (gedateer 18 November 2021):
- Sones 1 tot 7 wat ontstaan uit die onderverdeling van erwe 3, 1427, 194, 2872, 475, 11429, 202 en gedeelte van Erf 1, Hartenbos, en bestaan hierdie Sones nou uit die volgende Erwe geleë te Hartenbos in die munisipale gebied van die Plaaslike Owerheid:
- 1.27.1 Sone 1 - Erf 3193;
- 1.27.2 Sone 2 - Erf 202;



1.27.3 Sone 3 - Erf 3467;

1.27.4 Sone 4 - Erf 3485;

1.27.5 Sone 5 - Erf 3501;

1.27.6 Sone 6 - Erf 3515;

1.27.7 Sone 7 - Erf 3537.

1.28 "Vereniging" beteken die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging wat kragtens hierdie Grondwet bestaan vir die Vakansiedorp en soos spesifiek omskryf in klousules 3 en 4 hieronder;

1.29 "Verenigingsreëls" beteken die reëls soos vervat in Bylae A tot C (soos van tyd tot tyd gewysig), en soos verder omskryf in klousule 8;

1.30 "Verteenwoordiger" beteken 'n Individu deur 'n Lid aangestel om namens die Lid alle regte en verpligtinge van sodanige Lid ingevolge hierdie Grondwet uit te oefen, insluitend waar van toepassing die uitoefening van Stemregte en die aanstelling van 'n proksie om in sy plek te stem, en ten opsigte van wie die Vereniging geregtig sal wees om te ag ten volle gemagtig te wees om namens die Lid op te tree, asof die Lid self, totdat die Individu se magtiging formeel en skriftelik deur die Lid teruggetrek word;

1.31 "Wesenlik" of "Weselike" beteken 'n feit wat in die bepaalde omstandighede beduidend is tot die mate dat dit óf van belang is by die bepaling van 'n spesifieke aangeleentheid, óf 'n Individu se oordeel of besluitneming in die aangeleentheid redelikerwys kan beïnvloed.

## 2. INTERPRETASIE

In hierdie Grondwet (wat insluit sy Bylaes en aanhangsels), tensy die konteks duidelik 'n teenstrydige bedoeling aandui:

2.1. Is opskrifte van klousules slegs vir gerief ingevoeg en sal nie in ag geneem word met die interpretasie van die klousule nie;

2.2. Indien enige bepaling in 'n definisie 'n substantiewe bepaling is wat regte of verpligtinge aan enige Persoon verleen, sal uitvoering daaraan gegee word asof dit 'n substantiewe klousule in die Grondwet is, en nieteenstaande die feit dat dit slegs vervat is in die Definisies klousule hierbo;

2.3. Indien daar na 'n tydperk verwys word by wyse van 'n aantal dae, sal die dae bereken word met uitsluiting van die eerste dag en insluitende die laaste dag;

2.4. Waar daar na syfers in beide woorde en syfers verwys word, sal die woorde voorrang geniet indien daar enige konflik is tussen die twee;

2.5. Bylaes en aanhangsels tot hierdie Grondwet sal geag word geïnkorporeer te wees in en deel uit te maak van hierdie Grondwet;

2.6. Uitdrukkings wat in hierdie Grondwet omskryf word, sal dieselfde betekenis dra in sy Bylaes en aanhangsels;



2.7. Hierdie Grondwet sal vertolk en geïnterpreteer word ooreenkomstig die wette van die Republiek van Suid-Afrika;

2.8. Enige woorde wat die enkelvoud aandui, sal die meervoud insluit en omgekeerd en enige woord wat die manlike aandui sal die vroulike insluit en omgekeerd;



## HOOFSTUK 1: STIGTINGSBEGINSELS VAN DIE VERENIGING

### 3. DIE GRONDWET

3.1. Die Vereniging het tot stand gekom as 'n huiseienaarsvereniging in terme van Artikel 29 van die Grondgebruiksordonnansie (15 van 1985) (die "Ordonnansie") met registrasie van die eerste oordrag van 'n Erf aan 'n Persoon anders as die ATKV, en is beklee met regspersoonlikheid en onderhewig aan 'n grondwet opgestel ooreenkomstig die vereistes van die Ordonnansie.

3.2. Die Ordonnansie is sedertdien vervang met The Mossel Bay Municipality Standard By-Law on Municipal Land Use Planning (die "Ordonnansie"), wat huiseienaarsverenigings in die jurisdiksie van die Mosselbaai Munisipaliteit reguleer, en is dus van toepassing op die Vereniging, en wat onder andere die volgende aanspreek:

3.2.1. 'n Grondwet van die Vereniging;

3.2.2. Die afdwingingbaarheid van die bepalings van die Grondwet en enige voorwaardes gestel deur die Plaaslike Owerheid met die onderverdeling van grond met die totstandkoming van Vakansiedorp;

3.2.3. Die verpligte vestiging van 'n huiseienaarsvereniging met regspersoonlikheid vir Vakansiedorp en wat die gesamentlike gemeenskaplike belange van Eienaars verteenwoordig;

3.2.4. Beheer oor, en onderhouding van alle geboue, dienste of geriewe van Vakansiedorp;

3.2.5. Beheer oor die Ontwikkelingsriglyne vir geboue en Erwe in Vakansiedorp;

3.2.6. Eienaarskap deur die Vereniging van alle Gemeenskaplike Ruimtes in Vakansiedorp, wat breedweg gesproke insluit:

3.2.6.1. Privaat paaie, synde alle paaie binne Vakansiedorp, wat insluit die gepaardgaande dienste en enige toegangsbeheerinfrastruktuur, vulliskamers en dienstegeboue, maar sluit opritte na Erwe en 'n reg-van-weg-serwituut oor 'n eiendom uit;

3.2.6.2. Privaat oopruimtes, synde oopruimte aangedui in die goedgekeurde

ontwikkelingsplan van Vakansiedorp, hoofsaaklik vir gebruik deur die Vereniging as aktiewe en passiewe ontspanningsgebiede, die verbetering van die estetiese voorkoms van 'n area, en sluit in enige geboue of infrastruktuur daarop, maar sluit uit enige winkels, restaurante en gimnasiums.

3.2.6.3. Ruimtes benodig vir die dienste wat deur die Vereniging gelewer moet word.


3.2.7. Prosedure wat gevolg moet word indien die Vereniging sou ontbind;

3.2.8. Die hou van ten minste een Ledevergadering per jaar;

3.2.9. Die goedkeuring deur die Plaaslike Owerheid van enige wysigings tot die Grondwet wat verband hou met enige van die items vervat in klousules 3.2.1 tot 3.2.8 hier bo, asook enige wysigings wat die Plaaslike Owerheid raak;

3.2.10. 'n Vereiste dat Lede gesamentlike aanspreeklikheid dra vir die uitgawes van die Vereniging;

3.2.11. Die Vereniging mag strenger riglyne neerlê as die minimum Ontwikkelingsriglyne vereis deur die Plaaslike Owerheid;



3.2.12. Indien die Vereniging ophou om te funksioneer of om sy verantwoordelikhede na te kom, mag enige geaffekteerde Persoon, insluitend 'n Lid, aansoek doen:

3.2.12.1. in terme van die Ordonnansie om die Vereniging te ontbind, onderhewig aan die toepaslike wysigings van titelaktes;

3.2.12.2. vir ingryping deur die Plaaslike Owerheid ten opsigte van die beheer oor en lewering van dienste;

3.2.12.3. vir die aanstelling van 'n administrateur deur die Hooggeregshof om die bestuur van die Vereniging oor te neem.

3.3. Die Grondwet voldoen aan die vereistes van die Ordonnansie en vergestalt die homogene aard en doel van die Vereniging, en die handhawing van 'n gesonde en praktiese balans tussen die doelwitte van die Vereniging en die respektering van privaat eienaarskap van die Erwe.

3.4. Hierdie Grondwet kan gewysig word te eniger tyd en slegs by wyse van:

3.4.1. 'n Spesiale Besluit, voorgestel deur die Bestuursraad, of deur Lede met ten minste 30% (dertig persent) van die Stemregte; en

3.4.2. indien van toepassing, met die goedkeuring van die Plaaslike Owerheid.

3.5. In die geval van enige konflik of teenstrydigheid tussen die bepalings van die Grondwet en enige toepaslike wetgewing of regulasies (in besonder die Ordonnansie), sal die Vereniging die Grondwet so spoedig moontlik wysig ten einde die konflik of teenstrydigheid te verwyder.

3.6. Hierdie Grondwet (en enige Verenigingsreëls) is bindend en afdwingbaar tussen die Vereniging en:

3.6.1. elke Lid (en waar van toepassing, tussen Lede onderling);

3.6.2. die Bestuursraad, Bestuurslede en Vereniging se beamptes;

3.6.3. Persone wat enige Erf okkupeer of die bates van die Vereniging gebruik.

#### 4. REGSPERSOONLIKHEID

4.1. Die Vereniging is 'n regspersoon wat onafhanklik van die Lede bestaan en is beklee met die vermoëns en bevoegdhede van 'n ten volle handelingsbevoegde Individu, behalwe tot die mate dat 'n Regspersoon nie in staat is om enige sodanige bevoegdheid van 'n Individu uit te oefen nie. Sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van die voorgaande, het die Vereniging spesifiek die bevoegdheid om:

4.1.1. regsdinge in te stel en te verdedig; en

4.1.2. eiendom in eie naam te hou; en



4.1.3. die Vereniging is nie onderhewig aan enige beperkings ten opsigte van enige besigheidsaktiwiteite nie, behalwe tot die mate wat sodanige aktiwiteite in konflik is met die doelwitte van die Vereniging.

4.2. Die Vereniging bly voortbestaan, ondanks veranderinge in sy lidmaatskap, totdat dit ontbind in terme van hierdie Grondwet.

4.3. Die Vereniging word nie bestuur as 'n organisasie vir winsbejag nie, en sal alle voordele en inkomste bekom slegs aanwend tot voordeel van die Lede. Hierdie beginsel weerhou egter nie die Vereniging daarvan om surplus te maak nie.

4.4. Geen Lid sal in sy persoonlike hoedanigheid enige reg, titel of belang hê in die bates van die Vereniging nie.

4.5. Behoudens enige bepalinge in die Grondwet tot die teendeel, is 'n Persoon (met inbegrip van die stigters van die Vereniging, 'n Lid, die Bestuursraad of 'n Bestuurslid, en enige ander beampte van die Vereniging) nie aanspreeklik vir enige finansiële aanspreeklikhede en/of finansiële verpligtinge van die Vereniging nie.

4.6. Behalwe indien onwettig, of in terme van hierdie Grondwet verbied, sal:

4.6.1. enige ooreenkoms aangegaan deur die Vereniging; of

4.6.2. enige besluit geneem deur die Vereniging; of

4.6.3. enige bepaling van hierdie Grondwet of enige van die Verenigingsreëls; en wat vernietigbaar is, of wat vernietigbaar verklaar kan word, slegs nietig wees nadat dit aldus deur 'n geregshof nietig verklaar is. Ter wille van duidelikheid, sodanige ooreenkoms, besluit of bepaling bly geldig totdat dit aldus nietig verklaar is.


4.7. In die geval van 'n voorgenome vervreemding van meer as 50% (vyftig persent) van die Vereniging se bates (billik gewaardeer), of die samesmelting met 'n ander organisasie, sal sodanige vervreemding en/of samesmelting 'n Spesiale Besluit vereis.

## 5. DOELWITTE VAN DIE VERENIGING

5.1. Die Vereniging funksioneer as 'n homogene instansie, nieëenstaande die feit dat Lede hul Erwe afsonderlik van die Vereniging besit, en die Vereniging het al die bevoegdhede wat nodig mag wees ter vervulling van alle doelwitte van die Vereniging, insluitend, maar nie beperk nie tot die bevoegdhede wat spesifiek in hierdie Grondwet vervat is, en wat namens die Vereniging deur die Bestuursraad uitgevoer word.

5.2. Die Vereniging sal redelik optree in die uitoefening van sy bevoegdhede en verantwoordelikhede ingevolge hierdie Grondwet en met inagneming van die regte van Lede as elenaars van hul Erwe. In enige geskil oor die redelikheid al dan nie van die Vereniging se optrede, berus die onus by die Lid om die beweerde onredelikheid te bewys.

5.3. Die doel van die Vereniging is om, in die algemeen, die Vakansiedorp tot voordeel van alle Lede te bestuur.



5.4. Meer spesifiek, het die Vereniging die volgende doelwitte in belang van Lede:

5.4.1. die uitoefening van die Vereniging se regte en verpligtinge in terme van die Grondwet en enige statutêre bepalings van die Plaaslike Owerheid;

5.4.2. die opbou en instandhouding van die Vereniging se bates;

5.4.3. die daarstelling, instandhouding en afdwing van standarde ter bevordering van die harmonieuse en veilige bewoning van die Vakansiedorp;

5.4.4. die daarstelling van aanvaarbare argitektoniese ontwerp kriteria vir nuwe konstruksies en vir veranderings aan bestaande konstruksies van die Vakansiedorp, en om toe te sien dat dit nagekom word.

5.4.5. in oorleg met die Plaaslike Owerheid en die ATKV (vir soverre relevant mag wees) toe te sien tot die instandhouding van die Vakansiedorp met inbegrip van landskapsversorging, instandhouding van Gemeenskaplike Ruimtes, instandhouding van heinings en toegangshekke.

5.4.6. die daarstelling van Gedragsreëls vir die inwoners van, en besoekers aan die Vakansiedorp;

5.4.7. die daarstelling van reëls vir die oprigting van grens- en binneheinings en skerm- en spermure;

5.4.8. die daarstelling van reëls vir die benutting van Gemeenskaplike Ruimtes;

5.5. Die Vereniging het die bevoegdheid om enige handeling te verrig ter bevordering en uitvoering van bogenoemde doelwitte, met inbegrip van die oplê van Heffings ter befondsing van die koste verbonde aan die uitvoering van die doelwitte van die Vereniging.

5.6. Die Vereniging is nie verantwoordelik vir, en het nie jurisdiksie oor die volgende aangeleenthede nie (en welke lys nie noodwendig omvattend is nie):

5.6.1. Die onderhoud en instandhouding van Erwe en die verbeterings daarop;

5.6.2. Opritte na Erwe;

5.6.3. Enige dienste-infrastruktuur binne Erwe soos, maar nie beperk nie tot, elektrisiteit, water en riolering, en die Vereniging se verantwoordelikheid eindig by die aansluitingspunt van die infrastruktuur vanuit die Gemeenskaplike Ruimtes;

5.6.4. Omheining van Erwe.

## 6. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING

6.1. Die stigterslede in 1994 is die ATKV, S.W. Cilliers, T.F. Janssonius, J.J. Lingenfelder, J.G. Myburgh, S.N. van Vuuren en P.A. van Zyl. Na die eerste Ledevergadering, sal die stigterslede slegs Lede bly vir soverre hulle Geregistreeerde Eienaars is.

6.2. Lidmaatskap van die Vereniging is verpligtend vir elke Geregistreeerde Eenaar.

6.3. Lidmaatskap van die Vereniging is beperk tot daardie Persone wat Geregistreeerde Eienaars is, met die uitsondering van slegs die ATKV, wat 'n Lid sal bly nadat dit ophou om 'n Geregistreeerde

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17-03-2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500

Eienaar te wees, met die reg om daarna Ledevergaderings te kan bywoon, en die volledige agendas en notules daarvan te ontvang, maar sonder enige Stemreg en verpligtinge om Heffings te betaal.

6.4. Lidmaatskap sal 'n aanvang neem gelyktydig met die registrasie van oordrag van 'n Erf in die naam van die oordragnemer (met ander woorde die vervangende Geregistreeerde Eienaar), onderworpe aan enige voorwaardes in hierdie Grondwet vervat.

6.5. Indien enige Geregistreeerde Eienaar van 'n Erf:

6.5.1. uit meer as een Persoon bestaan, sal al die Geregistreeerde Eienaars gesamentlik en afsonderlik geag word een Lid van die Vereniging te wees en sal verplig wees om 'n enkele Verteenwoordiger aan te stel op 'n wyse soos deur die Vereniging voorgeskryf;

6.5.2. 'n Regspersoon is, sal dit verplig wees om 'n enkele Verteenwoordiger aan te stel op 'n wyse soos deur die Vereniging voorgeskryf;

6.5.3. 'n Individu is, sal sodanige Individu geregtig wees om by wyse van 'n volmag 'n enkele ander Individu as 'n Verteenwoordiger te laat optree.

6.6. Wanneer 'n Lid ophou om 'n Geregistreeerde Eienaar te wees, sal hy ophou om 'n Lid van die Vereniging te wees met ingang van die dag waarop sy status as Geregistreeerde Eienaar ophou.

6.7. Terwyl 'n Persoon 'n Geregistreeerde Eienaar is, sal daardie Persoon nie geregtig wees om as 'n Lid van die Vereniging te bedank nie en sal gebonde wees aan die bepalings van hierdie Grondwet.

6.8. Die Vereniging sal 'n register van Lede en Verteenwoordigers (indien van toepassing) byhou wat ten minste die volgende gegewens bevat (en waar meer as een Persoon die Geregistreeerde Eienaar is, dan van elkeen van sodanige Persone):

6.8.1. die volledige naam, identiteitsnommer of registrasienommer van die Lid en Verteenwoordiger;

6.8.2. die domicilium en posadres van die Lid en Verteenwoordiger;

6.8.3. 'n telefoonnommer vir die Lid en Verteenwoordiger;

6.8.4. 'n e-posadres vir die Lid en Verteenwoordiger;

6.9. Elke Lid is verplig om die gegewens in klousule 6.8 hierbo aan die Vereniging te verskaf en om op datum te hou, ook ten opsigte van Verteenwoordigers indien van toepassing.


6.10. Geen Lid wat om enige rede ophou om 'n Lid van die Vereniging te wees, sal enige aanspraak hê op of belang in of reg op die fondse of enige eiendom of bates van die Vereniging nie.

## 7. ONTBINDING

7.1. Die Vereniging kan slegs deur Lede ontbind word:

7.1.1. met die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit; en

7.1.2. ingevolge 'n Spesiale Besluit.



7.2. In geval van 'n ontbinding van die Vereniging, sal die Bestuursraad of van 'n Persoon deur die Bestuursraad vir die doel aangestel, die Vereniging se bates te gelde maak, alle skuld en verpligtinge aflos en die restant tussen al die Lede verdeel ooreenkomstig elke Lid se Stemreg pro rata tot die totale Stemreg van al die Lede.

## 8. VERENIGINGSREËLS

8.1. Die Vereniging is geregtig om reëls saam te stel, te implementeer, te wysig of te herroep (die "Verenigingsreëls"), en welke reëls praktiese uitvoering sal gee aan die Vereniging se doelwitte, regte en verpligtinge soos vervat in hierdie Grondwet (en Verenigingsreëls mag gevolglik nie in konflik wees met die Grondwet nie).

8.2. Die Bestuursraad het verantwoordelikheid vir die samestelling van Verenigingsreëls, en sodanige reëls geld slegs nadat dit goedgekeur is deur Lede by wyse van 'n Gewone Besluit.

8.3. Verenigingsreëls sal redelik wees en gelyke toepassing geniet op alle Lede, tensy omstandighede bestaan wat redelikerwys gedifferensieerde toepassing verlang.

8.4. Sodra goedgekeur, het Verenigingsreëls dieselfde regsrag en afdwingbaarheid asof dit opgeneem is in hierdie Grondwet.

8.5. Verenigingsreëls tree in werking op die datum waarop dit deur die Lede goedgekeur word, of op 'n latere datum soos vervat in die goedkeuring.

8.6. Die Vereniging sal enige wysiging van die Verenigingsreëls publiseer aan alle Lede sodra dit goedgekeur is.

8.7. Lede kan by wyse van 'n Gewone Besluit 'n Verenigingsreël kanselleer of verander, tensy teenstrydig met enige toepaslike wetgewing, ordonnansies of in terme van hierdie Grondwet (soos die minimum Ontwikkelingsreëls voorgeskryf deur die Plaaslike Owerheid).

8.8. Verenigingsreëls hou hoofsaaklik verband met, maar is nie beperk nie tot die volgende aangeleenthede:

8.8.1. Ontwikkelingsriglyne (Bylae A);

8.8.2. 'n Gedragskode vir Bestuurslede (Bylae B);

8.8.3. Algemene gedragskodes vir Lede (insluitend hul huurders, gaste en besoekers/kontrakteurs) wat verband hou met die handhawing van ordelikheid, sindelikheid en 'n harmonieuse omgewing in die Vakansiedorp, asook die opstel van sanksies vir wangedrag, wat mag insluit die heffing van boetes (Bylae C);

8.8.4. Goedkeuringsvlakke van die Bestuursraad ten opsigte van enige finansiële aangeleentheid en die aangaan van verpligtinge deur die Vereniging, die daarstelling van finansiële en Rekeningkundige Standaarde, en finansiële kontroles (Bylae C);

8.8.5. Mandate vir die instel en verdediging van enige regsaksies (Bylae C);

8.8.6. Vergaderingsreëls wat verband hou met die beë van Ledevergaderings en die vergaderingsprosedures, stemprosesse, nominasie- en mosieprosedures en verwante verifikasies,

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17/03/2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500

proksiereëls, konflik-van-belange-verklarings, aanstelling van gevolmagtigdes, en die rol en gesag van voorsitters (Bylae C);

8.8.7. Prosedures en reëls wat verband hou met die metodes en styl van kommunikasie tussen Lede, die Bestuursraad en die Vereniging en publikasiemetodes van amptelike Verenigingsdokumentasie (Bylae C);

8.8.8. Reëls gemik op die ordelike gebruik, instandhouding en die beskerming van die Vereniging se bates, insluitend Gemeenskaplike Ruimtes, en die handhawing van sekuriteit en veiligheid (Bylae G);

8.8.9. Prosedures en reëls ten opsigte van die toepassing van argitektoniese ontwerp kriteria en ander reëls vir nuwe konstruksies en veranderings aan bestaande konstruksies op Erwe, soos onder meer vervat, maar nie beperk is nie tot, die Ontwikkelingsriglyne (Bylae A);

8.8.10. Die heffing van rente op enige agterstallige bedrae wat deur Lede aan die Vereniging verskuldig is, en welke rente bykomend sal wees tot enige ander instrumente wat regtens tot die beskikking van die Vereniging is vir die verhaal van enige agterstallige skuld (Bylae C);

8.8.11. Die verbod of beheer van enige gevaarlike of potensieel gevaarlike diere, en diere wat 'n oorlas is (Bylae C);

8.8.12. Verbodinge, voorwaardes of beheer ten opsigte van enige Persone of dade ter voorkoming van 'n oorlas, gevaar of skade binne die Vakansiedorp (Bylae C);

8.8.13. Die gebruik van dienste, Gemeenskaplike Ruimtes, geriewe en fasiliteite, insluitend die reg om 'n redelike fooi vir die gebruik daarvan te hef (Bylae C);

8.8.14. Die toepassing al dan nie van toegangsbeheer tot die Vakansiedorp, asook ten opsigte van Gemeenskaplike Ruimtes;

8.8.15. Die instelling van sanksies vir die nie-nakoming deur Lede van die Grondwet of enige Verenigingsreëls en welke sanksies:


8.8.15.1. finansiële boetes of die opskorting kan behels van enige of al die regte of voorregte verbonde aan 'n Lid se lidmaatskap van die Vereniging, insluitend, maar nie beperk nie tot 'n Lid se Stemreg;

8.8.15.2. verband moet hou met en opgelê word vir spesifieke oortredings, of 'n kategorie van oortredings;

8.8.15.3. summier opgelê kan word indien die sanksie uitdruklik daarvoor voorsiening maak, of weens herhaalde oortredings;

8.8.15.4. indien dit nie summier opgelê kan word nie, slegs nadat die Lid voortgaan met 'n oortreding ten spyte van 'n vooraf redelike skriftelike aanmaning om die oortreding reg te stel binne die tydperk wat die Vereniging mag bepaal;

8.8.15.5. wanneer opgelê, nie die aanspreeklikheid beïnvloed van 'n Lid om steeds al sy verpligtinge in terme van hierdie Grondwet of die Verenigingsreëls streng na te kom nie;



8.8.15.6. deur die Bestuursraad self opgelê sal word, alternatiewelik deur 'n Persoon of Persone met gedelegeerde magte verleen by wyse van 'n Gewone Besluit;

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17-03-2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500

## HOOFSTUK 2: REGTE EN VERPLIGTINGE VAN LEDE

### 9. LEDEVERGADERINGS

9.1. Die doel van Ledevergaderings is hoofsaaklik om Lede in staat te stel om hul belange te beskerm en hul regte ingevolge hierdie Grondwet te kan uitoefen, by wyse van hul Stemregte, asook met hul deelname aan Ledevergaderings.

9.2. Ledevergaderings bestaan uit:

9.2.1. Algemene Jaarvergaderings; en

9.2.2. Spesiale Ledevergaderings; en

9.2.3. Daar word nie van die Vereniging vereis om enige Ledevergaderings te hou behalwe dié wat spesifiek deur hierdie Grondwet vereis word nie.

9.3. 'n Algemene Jaarvergadering is 'n verpligte Ledevergadering wat plaasvind een keer in elke kalenderjaar, en alle ander Ledevergaderings vind op 'n ad hoc-basis plaas (soos en slegs wanneer nodig) en word Spesiale Ledevergaderings genoem.

9.4. Die Vereniging sal elke jaar 'n Algemene Jaarvergadering belê, en nie later nie as drie (3) maande na afloop van elke Finansiële Jaar, of die vroeë moontlike latere datum indien buitengewone omstandighede die betydse belê van die vergadering verhoed.

9.5. Die Algemene Jaarvergadering-agenda kan enige items insluit, maar sal as verpligte agenda-items ten minste die volgende hanteer:

9.5.1. die aanbieding vir kennisname deur Lede van die Finansiële State in 'n volledige of opgesomde vorm, en indien in 'n opgesomde vorm, aanwysings vir die verkryging van 'n volledige vorm daarvan;

9.5.2. die aanbieding vir kennisname deur Lede van die Rekeningkundige Standaarde wat sal geld vir die komende Finansiële Jaar;

9.5.3. die rapportering van die stand van die Vereniging se jaarlikse begroting op 'n jaar tot-datum-basis, asook 'n vooruitskatting tot die einde van die Finansiële Jaar;

9.5.4. die rapportering van die stand van die Vereniging se vooruitgeskatte, rollende 5- (vyf)-jaarbedryfs- en -kapitaalbegroting;


9.5.5. die notule van die voorafgaande Algemene Jaarvergadering en enige Spesiale Ledevergaderings gehou sedert die voorafgaande Algemene Jaarvergadering;

9.5.6. die jaarlikse verkiesing van Bestuurslede;

9.5.7. die publisering vir kennisname deur Lede van die Heffings vir die volgende Finansiële Jaar;

9.5.8. die aanstelling van 'n Ouditeur en die beraamde kostes van die opstel en ouditering (indien van toepassing) van die Finansiële State;

9.5.9. alle verklarings van belange gemaak deur Bestuurslede in die voorafgaande jaar. 9.6. Spesiale Ledevergaderings word as volg belê:



9.6.1. deur die Bestuursraad vir 'n spesifieke rede, te eniger tyd en op eie inisiatief; of

9.6.2. indien die Grondwet dit vereis; of

9.6.3. deur die Bestuursraad op die skriftelike versoek van ten minste 10% (tien persent) van Lede wat op die datum van die versoek oor Stemreg beskik, en op voorwaarde dat die 10%- (tienpersent-) limiet gehandhaaf word tot en met die Spesiale Vergadering (byvoorbeeld sou te veel Lede hul steun vir die versoek voor die vergadering onttrek, verval die vergadering). Die versoek moet terselfdertyd die spesifieke doel duidelik beskryf waarvoor die Spesiale Ledevergadering voorgestel word, asook die verlangde datum van die vergadering en met volledige redes waarom die item nie by wyse van die Algemene Jaarvergadering hanteer kan word nie. Hierdie inligting moet alles in die kennisgewing van die Spesiale Vergadering ingesluit word.

## 10. KENNISGEWINGS VAN LEDEVERGADERINGS

10.1. 'n Ledevergadering sal belê word met minstens 15 (vyftien) Besigheidsdae vooraf kennisgewing wat deur die Vereniging aan elke Lid gestuur word.

10.2. 'n Kennisgewing van elke Ledevergadering moet die volgende bevat of aandui: 10.2.1. Of dit 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Ledevergadering is;

10.2.2. Die agenda van die vergadering;

10.2.3. Die notule van die vorige vergadering (tensy reeds hanteer by 'n Algemene Jaarvergadering);

10.2.4. Die Rekorddatum vir die vergadering;

10.2.5. Die plek, die dag en die uur van die vergadering;

10.2.6. Of dit 'n fisiese byeenkoms van Lede behels, of 'n byeenkoms by wyse van 'n elektroniese platform, of 'n kombinasie daarvan, en indien 'n elektroniese platform gebruik word, voldoende aanwysings oor die gebruik daarvan en veral oor hoe om te stem;

10.2.7. Die algemene en/of enige spesifieke doel van die vergadering;

10.2.8. Die volledige bewoording van voorgestelde besluite wat by die vergadering oorweeg moet word, tesame met die persentasie Stemregte wat nodig is vir die aanvaarding van die besluit;


10.2.9. 'n Verklaring wat spesifiseer dat:

10.2.9.1. 'n Lid wat geregtig is om die vergadering by te woon en te stem, geregtig is om 'n proksie aan te stel om die vergadering in die plek van die Lid by te woon, daaraan deel te neem, te praat en te stem;

10.2.9.2. 'n proksie nie 'n Lid hoef te wees nie;

10.2.9.3. 'n Lid kan een (1) proksie aanstel vir elke Erf waarvan hy/sy die Geregistreeerde Eienaar is;

10.2.10. 'n Rekord van alle belangeverklarings gemaak deur Bestuursiede sedert die vorige Ledevergadering.



10.3. 'n Ledevergadering gehou ten volle of gedeeltelik by wyse van 'n elektroniese platform of ander elektroniese medium, moet Lede in staat stel om sinvol met die voorsitter van die vergadering en met ander aanwesiges te kommunikeer en om te stem. Die kostes van die Lid se deelname (byvoorbeeld die Lid se internet of lugtyd en data) is vir die Lid se rekening, tensy die Vereniging anders besluit.

10.4. Die Vereniging kan 'n Ledevergadering belê met korter kennisgewing as wat vereis word, maar so 'n vergadering kan slegs voortgaan indien elke Lid wat geregtig is om Stemreg uit te oefen ten opsigte van enige item op die vergadering se agenda:

10.4.1. teenwoordig is by die vergadering; of

10.4.2. as nie teenwoordig, skriftelik afstand doen van die vereiste minimum kennisgewing.

10.5. Behalwe vir 'n gebrekkige kennisgewingstydperk, sal enige aksie of besluite van die vergadering geldig wees ten spyte van 'n nie-Wesenlike gebrek in die vorm of wyse van kennisgewing van 'n Ledevergadering, of 'n toevallige of onopsetlike versuim of gebrek in die bediening van die kennisgewing van die vergadering aan enige spesifieke Lid, tensy die Bestuursraad die aksie of besluit as ongeldig verklaar.

10.6. Op voorwaarde dat daar voldoen is aan die minimum kennisgewing vir die vergadering, sal dit geag word dat 'n Lid wat teenwoordig is by 'n vergadering, hetsy persoonlik of by wyse van 'n proksie, afstand doen van enige reg gebaseer op 'n werklike of beweerde Wesenlike gebrek in die kennisgewing van die vergadering.

10.7. Behalwe vir 'n gebrekkige kennisgewingstydperk, indien 'n Wesenlike gebrek in die vorm of wyse van kennisgewing van die vergadering slegs betrekking het op een of meer spesifieke items op die agenda van die vergadering, kan die voorsitter van die vergadering die gebrekkige items van die agenda skrap en die vergadering laat voortgaan om die oorblywende items op die agenda te oorweeg.

## 11. LEDEVERGADERINGSPROSEDURES

11.1. Die voorsitter van Ledevergaderings sal die Voorsitter van die Bestuursraad wees, en in sy/haar afwesigheid, die Ondervoorsitter van die Bestuursraad. Indien nie een van die twee teenwoordig is nie, of onttrek as voorsitter, sal die aanwesige Bestuurslede 'n voorsitter kies om die vergadering voor te sit uit die geledere van teenwoordige Bestuurslede. By gebrek aan sodanig verkose voorsitter, sal die aanwesige Lede 'n voorsitter uit eie geledere verkies by wyse van die opsteek van hande.

11.2. Behoudens enige bepaling in hierdie Grondwet en/of Verenigingsreëls, sal elke Lid daarop geregtig wees om by 'n Ledevergadering teenwoordig te wees en daaraan deel te neem.

11.3. As 'n voorwaarde vir die bywoning van Ledevergaderings, moet alle individue wat 'n Ledevergadering bywoon bevredigende identifikasie kan verskaf indien versoek, en indien die identiteit van 'n Persoon bevestig word, het die voorsitter van die vergadering die reg om te besluit oor of die identifikasie bevredigend is.



11.4. Die wyse van uitoefening van die reg van 'n Lid om by 'n Ledevergadering te praat, sal onderhewig wees aan beslissings deur die voorsitter van die vergadering in die belang van 'n konstruktiewe, effektiewe en/of doeltreffende vergadering. Indien 'n Lid se optrede in die uitsluitlike diskresie van die voorsitter 'n konstruktiewe, effektiewe en/of doeltreffende vergadering verhoed, mag die voorsitter so 'n Lid verplig om die Ledevergadering onmiddellik te verlaat;

11.5. Behoudens enige bepaling in hierdie Grondwet en/of Verenigingsreëls, sal die voorsitter van 'n Ledevergadering volle diskresie hê oor die hantering al dan nie van enige sake by 'n Ledevergadering wat nie in die kennisgewing van sodanige vergadering vervat was nie, behalwe dat geen formele besluite deur Lede daarvoor geneem sal kan word nie.

11.6. Die Vereniging kan by wyse van die Verenigingsreëls die bywoning van en/of deelname aan Ledevergaderings bepaal van Individue wat nie Lede is nie, en behoudens enige sodanige Verenigingsreëls, kan die voorsitter van 'n Ledevergadering die bywoning of deelname deur enigiemand wat nie 'n Lid is nie, beperk of weier.

11.7. Die voorsitter van 'n Ledevergadering sal voortgaan as voorsitter tot aan die einde van die vergadering, en indien van toepassing, ongeag of hy op die vergadering herkies is as 'n Bestuurslid.

11.8. In die geval van 'n staking van stemme ten opsigte van 'n besluit, het die voorsitter van 'n Ledevergadering nie 'n beslissende stem bykomend tot sy stem as Lid (indien enige) nie, en die besluit is gevolglik nie geneem nie.

11.9. Die voorsitter van 'n Ledevergadering sal sorg dat 'n rekord gehou word van alle besluite wat by die vergadering geneem is en sal verseker dat sodanige rekord in 'n notuleboek wat vir daardie doel gehou word, ingevoeg word.

11.10. Die notule van 'n Ledevergadering, onderteken deur die voorsitter van daardie vergadering, of deur die voorsitter van die daaropvolgende Ledevergadering, is bewys van die verrigtinge van daardie vergadering of die aanneem van enige besluite daarvoor. Enige uittreksel uit so 'n notule of uittreksel uit enige besluit wat by so 'n vergadering geneem is, indien onderteken deur die voorsitter van daardie vergadering of deur die voorsitter van die daaropvolgende vergadering, of deur die voorsitter van die Bestuursraad, sal as bewys van die aangeleenthede beskou word.

11.11. Ledevergaderings sal gehou word op sodanige tyd en enige plek as wat die Bestuursraad van tyd tot tyd mag besluit.

11.12. Die Vereniging is geregtig om Ledevergaderings te hou, in die geheel of gedeeltelik by wyse van elektroniese medium/platform.

11.13. 'n Ledevergadering, of die oorweging van enige agenda-item by so 'n vergadering, kan verdaag word by wyse van 'n mosie ondersteun deur teenwoordige Lede met die meerderheid van die Stemregte, en by wyse van 'n stem met die opsteek van hande. Die Vereniging moet in sodanige geval 'n nuwe kennisgewing vir die verdaagde vergadering uitreik.



## 12. KWORUMVEREISTES VIR LEDEVERGADERINGS

12.1.a 'n Ledevergadering mag nie begin nie voordat Lede teenwoordig is met ten minste tien persent (10%) van al die Stemregte gehou deur Lede. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming).

12.1.b 'n Spesiale Ledevergadering met die agenda om die ontbinding van die HVHV, die vervreemding van bates of die toestaan van borgstellings te hanteer, mag nie begin nie voordat Lede teenwoordig is met ten minste vyftig persent plus een Lid (50% +1) van al die Stemregte gehou deur Lede. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)

12.1.c 'n Spesiale Ledevergadering met die agenda om, se agenda veranderinge aan die HVHV se Grondwet, of ander sake wat nie op die Grondwet betrekking het nie, aan te bring, mag nie begin nie voordat Lede teenwoordig is met ten minste tien persent (10%) van al die Stemregte gehou deur Lede. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)

12.2.a 'n Agenda-item waaroor by die Algemene Ledevergadering besluit moet word, mag nie oorweeg word nie voordat Lede teenwoordig is met ten minste tien persent (10%) van al die Stemregte gehou deur Lede. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)

12.2.b 'n Agenda-item (ontbinding, vervreemding van bates of toestaan van borgstellings) waaroor by die Spesiale Ledevergadering besluit moet word (sien 12.1.b), mag nie oorweeg word nie voordat Lede teenwoordig is met ten minste vyftig persent plus een Lid (50% + 1) van al die Stemregte gehou deur Lede. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)

12.2.c 'n Agenda-item (verandering aan HVHV Grondwet) waaroor by die spesiale Ledevergadering besluit moet word (sien 12.1.c), mag nie oorweeg word nie voordat Lede teenwoordig is met ten minste tien persent (10%) van al die Stemregte gehou deur Lede. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)

12.3.a Nadat 'n kworum vir 'n Ledevergadering vasgestel is, of vir 'n agenda-item waaroor by die Ledevergadering besluit moet word, kan die vergadering voortgaan, of die item kan oorweeg word, solank ten minste tien persent (10%) van die Lede met stemreg teenwoordig is. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)

12.3.b Nadat 'n kworum vir 'n Spesiale Ledevergadering soos in 12.1.b vasgestel is, of vir 'n agenda-item (ontbinding, vervreemding van bates en toestaan van borgstellings) waaroor by die Spesiale Ledevergadering besluit moet word, kan die vergadering voortgaan, of die item kan oorweeg word, solank ten minste vyftig persent plus een (50%+1) Lede met stemreg teenwoordig is. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)

12.3.c Nadat 'n kworum vir 'n Spesiale Ledevergadering soos in 12.1.c vasgestel is, of vir 'n agenda-item vir die verandering van die HVHV Grondwet waaroor by die Spesiale Ledevergadering besluit moet word, kan die vergadering voortgaan, of die item kan oorweeg word, solank ten minste tien persent (10%) Lede met stemreg teenwoordig is. (Ingesluit digitale bywoning of digitale stemming.)



12.4. Indien die vereiste kworum nie teenwoordig is nie na 30 (dertig) minute van die geskeduleerde aanvang van 'n Ledevergadering, sal die vergadering verdaag, sonder mosie, stemming of verdere kennisgewing, na dieselfde plek, dieselfde tyd en op dieselfde dag van die volgende week (of as daardie dag nie 'n Besigheidsdag is nie, die eerste Besigheidsdag wat op daardie dag volg).

12.5. Indien die vereiste kworum nie teenwoordig is wanneer die oorweging van 'n bepaalde agenda-tem moet begin nie, dan:

12.5.1. indien daar ander items op die agenda van die vergadering is, kan die voorsitter van die vergadering die item oorhou tot 'n latere tyd in die vergadering; of

12.5.2. indien daar geen ander agenda-items is nie, word die vergadering vir een week verdaag, sonder mosie of stemming of verdere kennisgewing, na dieselfde plek op dieselfde tyd op dieselfde dag van die volgende week (of indien daardie dag nie 'n Besigheidsdag is nie, die eerste Besigheidsdag wat op daardie dag volg).

12.6. Die Vereniging hoef slegs 'n verdere kennisgewing uit te reik van 'n uitgestelde vergadering indien die plek anders is as waar die uitgestelde vergadering plaasgevind het.

12.7. Indien 'n kworum nie teenwoordig is by 'n uitgestelde vergadering binne 30 (dertig) minute vanaf die tyd wat vir die vergadering bepaal is nie, sal die teenwoordige Lede met Stemreg 'n kworum vir die vergadering uitmaak, asook vir elke agenda-tem wat oorweeg moet word.

### 13. REKORDDATUM VIR LEDEVERGADERINGS

13.1. Die Bestuursraad sal 'n Rekorddatum vasstel vir elke Ledevergadering en welke datum sal bepaal watter Lede geregtig is:

13.1.1. om 'n kennisgewing en agenda vir die Ledevergadering te ontvang; en

13.1.2. deel te neem en Stemreg uit te oefen by die Ledevergadering;

13.2. 'n Rekorddatum mag nie:

13.2.1. vroeër wees nie as die datum waarop die Rekorddatum bepaal word; en

13.2.2. nie meer wees nie as 20 (twintig) Besigheidsdae voor die datum van die Ledevergadering; en


13.3. Indien die Bestuursraad versuim om die Rekorddatum te bepaal, sal die Rekorddatum die 15de (vyftiende) Besigheidsdag voor die Ledevergadering wees.

### 14. PROKSIES

14.1. 'n Lid kan by 'n Ledevergadering deur 'n Individu verteenwoordig word as 'n proksie, om namens die Lid aan 'n Ledevergadering deel te neem, te praat en te stem.

14.2. 'n Proksie hoef nie 'n Lid te wees nie.

14.3. 'n Lid mag slegs 1 (een) proksie aanstel vir elke Erf waarvan hy/sy die Geregistreeerde Eienaar is.



14.4. Die Lid wat 'n proksie aanstel, sal verseker dat 'n skriftelike volmaginstrument, behoorlik gedateer en onderteken deur die Lid, ten minste 2 (twee) Besigheidsdae voor die aanvang van die Ledevergadering by die Individu ingedien word wat in die kennisgewing van die vergadering geïdentifiseer is vir die ontvangs van volmaginstrumente, en indien daar nie so Individu is nie, dan aan die Voorsitter van die Bestuursraad.

14.5. Die Vereniging mag van tyd tot tyd die formaat van die volmaginstrument voorskryf, in welke geval slegs sodanige volmaginstrument deur Lede gebruik mag word vir proksies. Die kennisgewing van die Ledevergadering sal 'n pro forma van enige voorgeskrewe volmaginstrument bevat.

14.6. Versuim om te voldoen aan die vereistes in hierdie Grondwet of in die Verenigingsreëls ten opsigte van proksies en volmaginstrumente, sal die proksie diskwalifiseer om namens die Lid by die betrokke Ledevergadering op te tree.

14.7. Die volmaginstrument kan aan die proksie voorskryf hoe die proksie moet stem oor enige item op die agenda van die Ledevergadering, of kan dit aan die proksie oorlaat om na eie goeddunke te stem. Ter wille van duidelikheid, is 'n proksie dus geregtig om die Stemreg van die Lid na eie goeddunke uit te oefen, of om dit te weerhou, behalwe tot die mate wat die volmaginstrument van die proksie anders bepaal.

14.8. 'n Proksie is nie geregtig om sy volmag aan 'n ander Persoon te delegeer nie.

14.9. 'n Volmaginstrument wat 'n proksie aanstel, sal geldig wees slegs vir die Ledevergadering waarvoor uitgereik soos voorsien in klousule 14.1 hierbo, en kan dit te eniger tyd voor of tydens die Ledevergadering herroep word.

14.10. 'n Stem uitgebring deur 'n proksie wie se volmaginstrument herroep is, sal nietemin geldig wees tensy die Vereniging skriftelike kennisgewing van die herroeping ontvang het voor die uitbring van die Stem deur die betrokke proksie, of die voorsitter van die betrokke Ledevergadering instem tydens die vergadering dat die herroeping deur 'n Lid van die volmaginstrument aanvaar word.

## 15. STEMREG VAN LEDE


15.1. Elke Lid se Stemreg is een stem per Erf waarvan hy die Geregistreeerde Eienaar is.

15.2. Vir doeleindes van hierdie klousule 15, sal die beskrywing van 'n Lid ook insluit enige Individu wat namens die Lid sy Stemreg uitoefen, hetsy 'n Verteenwoordiger, 'n proksie, of 'n agent (by wyse van 'n getekende volmag/prokurasie).

15.3. Indien 'n Erf in die naam van meer as een Persoon geregistreer is, sal sodanige mede-Geregistreeerde Eienaars se Stemreg gesamentlik slegs 1 (een) stem vir die Erf wees, om uitgeoefen te word by wyse van die Verteenwoordiger of sy proksie;

15.4. Stemreg word slegs by Ledevergaderings uitgeoefen en elke Lid is geregtig om sy Stemreg uit te oefen ten opsigte van alle besluite deur Lede op Ledevergaderings;

15.5. Elke besluit van die Lede sal óf 'n Gewone Besluit óf 'n Spesiale Besluit wees wat soos volg aanvaar word:



15.5.1. Vir 'n Gewone Besluit om by 'n Ledevergadering aanvaar te word, moet dit ondersteun word deur meer as 50% (vyftig persent) van die Stemregte wat op die Ledevergadering ten opsigte van die besluit uitgeoefen word; en

15.5.2. Vir 'n Spesiale Besluit om by 'n Ledevergadering aangeneem te word, moet dit ondersteun word deur ten minste 75% (vyf en sewentig persent) van die Stemregte wat op die Ledevergadering ten opsigte van die besluit uitgeoefen word.

15.6. Ten einde onsekerheid te verhoed, word slegs stemme uitgeoefen in ag geneem ten einde die stempersentasie te bepaal, en stemme weerhou, of afwesige Stemreg, word geensins in ag geneem nie, soos met die Gewone Besluite en Spesiale Besluite van maatskappye in terme van die Maatskappyyewet, Nommer 71 van 2008.

15.7. Stemreg word uitgeoefen deur die opsteek van hande, of by wyse van stemming met 'n geslote stembrief. Indien fasiliteite beskikbaar is, kan stemming ook elektronies plaasvind.

15.8. Indien daar gestem word met die opsteek van hande, het elke teenwoordige Individu wat Stemreg uitoefen, slegs 1 (een) stem, ongeag die aantal Stemregte wat daardie Individu andersins op geregtig sou wees (byvoorbeeld omdat hy meer as een Erf verteenwoordig).

15.9. Indien daar gestem word deur middel van 'n geslote stembrief, het elke teenwoordige Individu wat 'n Stemreg uitoefen, die aantal stemme waarop die Individu geregtig is op grond van die aantal Erwe deur hom verteenwoordig.

15.10. Behoudens die bepalings van klousule 15.11 hieronder, sal die uitoefening van Stemreg geskied deur 'n opsteek van hande.

15.11. Die uitoefening van Stemreg sal by wyse van geslote stembrief geskied indien: 15.11.1. die Bestuursraad so aantoon in die kennisgewing van die Ledevergadering; 15.11.2. dit 'n Spesiale Besluit is;


15.11.3. die voorsitter van daardie Ledevergadering dit gelas;

15.11.4. dit 'n verkiesing van Bestuurslede is;

15.11.5. dit vereis word deur 'n teenwoordige Individu of Individue met ten minste 10% (tien persent) van al die Stemregte gehou deur alle Lede.

15.12. Indien daar gestem word met die opsteek van hande, sal die voorsitter van die vergadering slegs die uitslag verklaar van die stemmery, naamlik of 'n besluit/voorstel aanvaar, nie aanvaar, of onbeslis is, sonder die nodigheid om die getal stemme ten gunste van, daar teen of weerhou te verklaar, en 'n inskrywing tot die effek in die goedgekeurde notule van die vergadering is voldoende staving van die uitslag van die stemmery.

15.13. Indien daar gestem word deur middel van 'n geslote stembrief, sal die voorsitter van die vergadering die uitslag verklaar van die stemmery, met vermelding van die aantal stemme ten gunste van, daar teen of weerhou. 'n Inskrywing van die uitslag en die getal stemme uitgebring en weerhou in die goedgekeurde notule van die vergadering is voldoende staving van die uitslag van die stemmery.



15.14. In die geval van 'n verkiesing van Bestuurslede, sal die Voorsitter van die vergadering die verkiesing finaal verklaar deur slegs die name van die kandidate wat as Bestuurslede verkies is, en die totale aantal stemme wat uitgebring is, bekend te maak. Ter wille van sekerheid, sal die voorsitter nie die stemme per verkose Bestuurslid en van die onsuksesvolle kandidate aankondig nie.

15.15. Enige beswaar met betrekking tot die toelaatbaarheid van enige stem, hetsy deur handopsteek of per geslote stembrief, of enige verklaring wat deur die voorsitter gemaak is met betrekking tot die uitslag van enige stemmery, of met betrekking tot die korrektheid of geldigheid van die stemprosedure wat gevolg is, moet gemaak word voor die sluiting van die Ledevergadering waarop sodanige stemmery plaasgevind het. Slegs 'n Individu wat teenwoordig is en geregtig is om oor die betrokke aangeleentheid te stem, kan so 'n beswaar aanteken. Die voorsitter van die vergadering sal 'n beslissing maak oor die aanvaarding of afwysing van die beswaar, en wie se besluit finaal sal wees. Elke stem wat nie by 'n Ledevergadering geweier of nietig verklaar word nie, is vir alle doeleindes geldig.

15.16. In die geval van 'n staking van stemme ten opsigte van 'n besluit, het die voorsitter van 'n Ledevergadering nie 'n beslissende stem bykomend tot sy stem as Lid (indien enige) nie, en die besluit is gevolglik nie geneem nie.

15.17. Die Vereniging kan by wyse van Verenigingsreëls, en in die belang van ordelikheid en sekerheid, verkiesingsprosedure in plek plaas, byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, standaard dokumentasie, telling- en verifikasieprosesse en rekordhouding.

15.18. Tydens elke Ledevergadering sal 'n verteenwoordiger van die Ouditeure, of 'n ander ouditeur, teenwoordig wees om die kworumgetalle, die korrektheid van proksies, en die uitslag van stemmery na te gaan en te kontroleer. Die afwesigheid van sodanige individue sal egter nie die geldigheid van enige uitslag of proses beïnvloed nie.

15.19. 'n Lid mag by wyse van hierdie Grondwet of in terme van Verenigingsreëls gediskwalifiseer word om te stem Indien die Lid in gebreke is met betrekking tot enige van sy verpligtinge teenoor die Vereniging, soos, maar nie beperk nie, tot agterstallige Heffings of enige ander bedrae wat die Lid aan die Vereniging verskuldig is, of as 'n sanksie vir bepaalde wangedrag.

## 16. ALGEMENE VERPLIGTINGE VAN LEDE

16.1. Elke Lid is gebonde aan die bepalings van die Grondwet en die Verenigingsreëls.

16.2. Elke Lid is verplig om per Erf waarvan hy die Geregistreeerde Eienaar is, in 'n gelyke mate met ander Lede by te dra tot die uitgawes van die Vereniging, behalwe tot die mate waar die Vereniging uitgawes ten opsigte van 'n Erf of slegs sekere Erwe aangaan, in welke geval daardie Lid of Lede alleen vir sodanige uitgawes aanspreeklik sal wees.

16.3. Geen Lid sal geregtig wees om 'n Erf te verkoop of oor te dra nie, tensy:

16.3.1. die oordragnemer 'n Lid van die Vereniging word;

16.3.2. die vooraf skriftelike toestemming van die Vereniging vir die verkoop of oordrag verkry is, welke toestemming gegee sal word op voorwaarde dat:



16.3.2.1. alle Heffings en enige ander bedrae van watter aard ook al of hoe ook al ontstaan, wat deur sodanige Lid aan die Vereniging verskuldig is, ten volle betaal is; en

16.3.2.2. die oordragnemer skriftelik instem om gebonde te wees aan die Grondwet en die Verenigingsreëls, maar indien die oordragnemer vir welke rede ook al nie skriftelik instem nie, doen dit geensins afbreuk aan die verpligting en outomatiese gevolg van Lidmaatskap met oordrag nie.

16.4. In die geval van enige verbreking van die Grondwet of die Verenigingsreëls deur 'n Lid se huishouding, gaste, okkupeerders van die Erf, agente, kontrakteurs of huurders, sal sodanige oortreding geag word deur die Lid self gepleeg te wees, maar sonder benadeling van die Vereniging se ander regte en die afstanddoening van die voorafgaande geagte beginsel, kan die Vereniging sodanige stappe teen die Persoon doen wat werklik die oortreding begaan.

16.5. Indien die Vereniging enige regstappe instel teen enige Lid of 'n Lid se huishouding, gaste, okkupeerders van die Erf, agente, kontrakteurs of huurders vir die afdwinging van enige regte van die Vereniging in terme van hierdie Grondwet, sal die Vereniging geregtig wees om alle regskoste wat aldus aangegaan is van die betrokke Lid en/of die gemelde ander Persone te verhaal, ook op 'n prokureur/kliënt-skaal, insluitend enige opsporingsfooie en invorderingskommissie.

16.6. Die Vereniging kan sonder benadeling van enige ander regte die nakoming van die Grondwet of die Verenigingsreëls afdwing deur middel van 'n siviele aansoek of aksie in 'n hof met bevoegde jurisdiksie.

16.7. 'n Lid mag op geen manier die behoorlike funksionering en werking van die Vereniging of die Bestuursraad op 'n wyse versteur, daarmee inmeng of ontwrig nie, deur byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, lastige, onbenullige of strydlystige aksies, of by wyse van opdragte of skakeling met werknemers, agente of kontrakteurs van die Vereniging (tensy met die uitdruklike toestemming van die Bestuursraad). Die Vereniging kan by wyse van Verenigingsreëls beginsels en/of sanksies aanvaar om voldoening aan die vereistes van hierdie artikel 16.7 te verseker.


16.8. Sonder benadeling van enige ander regte van die Vereniging in die verband, is die Vereniging geregtig om sodanige stappe te doen as wat nodig mag wees om 'n versuim of 'n oortreding deur 'n Lid reg te stel en die koste daarvan van die betrokke Lid te eis, welke eis geag sal word 'n skuld te wees wat die betrokke Lid aan die Vereniging verskuldig is.

16.9. Elke Lid:

16.9.1. stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof met betrekking tot die vordering deur die Vereniging van enige skuld, of die afdwinging van enige van die Vereniging se regte, teenoor 'n Lid, ongeag die bedrag of waarde of onderwerp van die aksie;

16.9.2. kies sy Erf as sy domicilium citandi et executandi vir die doeleindes van enige geding wat uit hierdie Grondwet mag voortvloei; en

16.9.3. sal alle betalings aan die Vereniging maak in 'n bankrekening soos van tyd tot tyd deur die Vereniging voorgeskryf, op voorwaarde dat elke Lid redelike stappe sal doen om die geldigheid te bepaal van 'n voorskrif deur die Vereniging van 'n nuwe bankrekening.



### HOOFSTUK 3: BESTUURSRAAD

#### 17. MAGTE EN FUNKSIONERING VAN DIE RAAD

17.1. In die algemeen, het die Bestuursraad omvattende gesag en verantwoordelikheid om die sake van die Vereniging te behartig, en is die gesag en verantwoordelikheid slegs beperk tot die mate uitdruklik bepaal in hierdie Grondwet.

17.2. Die spesifieke magte en verantwoordelikhede van die Bestuursraad sluit in (maar is nie beperk nie tot) die volgende :

17.2.1. Die algemene bestuur van die Vereniging en enige aksie wat nodig mag wees om die doelwitte van die Vereniging te bereik;

17.2.2. die sluit van ooreenkomste namens die Vereniging;

17.2.3. die indiensneming en betaling van kontrakteurs, agente en werknemers van die Vereniging;

17.2.4. die opstel en wysiging van Verenigingsreëls;

17.2.5. die instandhouding van die Vakansiedorp;

17.2.6. die verkryging en vervreemding van roerende en vaste eiendom namens die Vereniging;

17.2.7. die huur en verhuring van vaste eiendom;

17.2.8. die instel of verdediging van regsgedinge van die Vereniging;

17.2.9. die aanstel en betaling van adviseurs vir die Vereniging;

17.2.10. die vasstel en invordering van Heffings;

17.2.11. die opening en bedryf van bankrekening(e) van die Vereniging;

17.2.12. om namens Lede op te tree in enige aksie of handeling waarby die Vereniging betrokke mag wees.

17.3. Behoudens enige bepalings in die Grondwet tot die teendeel, is enige verwysing na 'n handeling van die Vereniging, 'n handeling soos uitgevoer deur die Bestuursraad namens die Vereniging.

17.4. In die uitvoering van sy gesag en verantwoordelikheid, tree die Bestuursraad altyd op as 'n eenheid by wyse van die gesamentlike aksies van Bestuurslede, en enige handeling deur individuele Bestuurslede namens of ten behoeve van die Vereniging, kan, en mag slegs geskied in opdrag van die Bestuursraad.

17.5. Die Bestuursraad en elke Bestuurslid is onderhewig en gebonde aan die bepalings van die Grondwet vir soverre dit van toepassing is, sowel as die Gedragskode vir Bestuurslede (aangeheg as Bylaag "B");



17.6. Gereserveerde aangeleenthede: Sonder om afbreuk te doen aan die algemene gesag en verantwoordelikheid van die Bestuursraad, is die volgende aangeleenthede spesifiek voorbehou vir finale goedkeuring deur die Lede:

17.6.1. die opneem en toestaan van lenings deur die Vereniging;

17.6.2. die borgstaan deur die Vereniging vir die verpligtinge van 'n derde party.

## 18. SAMESTELLING VAN DIE BESTUURSRAAD

18.1. Die Bestuursraad bestaan uit 'n minimum van 5 (vyf) Bestuurslede en 'n maksimum van 9 (nege), of sodanige ander minimum soos voorsien in klousule 18.2 hieronder.

18.2. Lede kan van tyd tot tyd deur 'n Gewone Besluit by 'n Ledevergadering die minimum getal vermeerder na meer as 9 (nege) Bestuurslede, en daarna verminder, op voorwaarde dat die minimum getal nooit minder sal wees as 5 (vyf) Bestuurslede nie.

18.3. 'n Bestuurslid moet 'n Individu wees.

18.4. 'n Bestuurslid moet 'n Lid van die Hartenbos Vakansiedorp Huiselenaarsvereniging wees

18.5. Daar is geen algemene kwalifikasies waaraan 'n Individu moet voldoen om as Bestuurslid te kan optree of om as sodanig verkies te word nie, maar geen Individu mag as 'n Bestuurslid dien of verkies word, of instem om as 'n Bestuurslid verkies te word, indien so 'n Individu:

18.5.1. 'n minderjarige is, tensy geëmansipeerd by wyse van 'n hofbevel;

18.5.2. handelsonbevoeg is wees verstandelike gestremdheid;

18.5.3. by wyse van 'n hofbevel verbied is om as 'n direkteur van 'n maatskappy op te tree;

18.5.4. 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

18.5.5. uit 'n amp van vertrouwe verwyder is op grond van oneerlikheid in die voorafgaande 10 (tien) jaar;


18.5.6. skuldig bevind is aan 'n misdaad waarvan oneerlikheid, bedrog of diefstal 'n element is;

18.5.7. in terme van die Maatskappywet (No 71 van 2008), soos van tyd tot tyd gewysig, gediskwalifiseer is om as 'n direkteur op te tree;

18.5.8. meer as 2 (twee) kalendermaande agterstallig is ten opsigte van Heffings;

18.6. Behalwe vir die aanstelling van 'n plaasvervangende Bestuurslid soos voorsien in klousule 21 hieronder, sal al die Bestuurslede verkies word deur Lede (by 'n Ledevergadering) en daar sal geen ex officio-Bestuursraadposisies wees nie.

18.7. Die verkiesing van die totale Bestuursraad sal elke jaar op die Algemene Jaarvergadering plaasvind, behalwe vir die aanstelling van Bestuurslede in vakatures wat ontstaan soos voorsien in klousule 21.1 hieronder.



18.8. Die Bestuursraad verkies op 'n Algemene Jaarvergadering sal dien vir 'n vaste termyn wat sal strek vanaf die afsluiting van die Algemene Jaarvergadering tot die afsluiting van die volgende Algemene Jaarvergadering, wat gewoonlik, maar nie noodwendig, binne 12 (twaalf) maande van mekaar geskied. Ter wille van duidelikheid, indien omstandighede heers wat die tydige hou van 'n Algemene Jaarvergadering belemmer, sal die Bestuursraad se termyn voortduur tot die Algemene Jaarvergadering gehou word.

18.9. Bestuurslede wie se ampstermyn verstryk het, kan herverkies word tot die amp en daar is geen beperking op die hoeveelheid termyne wat 'n Bestuurslid as sulks kan dien nie.

18.10. Die Vereniging moet 'n permanente register byhou van huidige en voormalige Bestuurslede se name, ampstermyne en laaste bekende adresse en kontaknommers.

#### 19. BENOEMING VIR VERKIESING TOT DIE BESTUURSRAAD

19.1. Die Vereniging sal 'n skriftelike uitnodiging rig aan alle Lede om elkeen die Vereniging skriftelik te voorsien van benoemings vir kandidate om as Bestuurslede verkies te word.

19.2. Die uitnodiging aan Lede sal versend word nie vroeër nie as 40 (veertig) Besigheidsdae, en nie later nie as 30 (dertig) Besigheidsdae vanaf die datum van die Ledevergadering waarop die verkiesing van Bestuurslede moet plaasvind.

19.3. Enige Lid wie se lidmaatskap van die Vereniging eers vestig na die datum waarop die uitnodiging vir benoemings versend is, is nie geregtig om enige kandidate te benoem nie.

19.4. 'n Lid wat op die Rekorddatum nie Stemreg het nie, se benoemings sal nietig wees.

19.5. Die aantal benoemings per Lid vir kandidate is beperk tot die aantal vakatures wat gevul moet word met die verkiesing, en ongeag die aantal stemme waaroor sodanige Lid beskik. Indien 'n Lid meer benoemings voorsien as die aantal vakatures, sal al sodanige Lid se benoemings nietig wees.

19.6. 'n Lid se benoemings vir kandidate moet die Vereniging bereik voor of op die tyd en datum soos gespesifiseer in die Vereniging se uitnodiging vir benoemings, welke datum nie vroeër sal wees nie as 10 (tien) Besigheidsdae vanaf die datum waarop die Vereniging die uitnodigings versend het in terme van klausule 19.2 hierbo.

19.7. Die Vereniging sal skriftelik van elke benoemde kandidaat 'n getekende aanvaarding van hul benoeming versoek, tesame met 'n uiteensetting van die vereistes waaraan 'n Bestuurslid moet voldoen ooreenkomstig die bepalings van klausule 18.5 hierbo. Die kandidaat moet sy/haar aanvaarding aan die Vereniging besorg voor of op die tyd en datum soos gespesifiseer in die Vereniging se versoek, welke datum die benoemde kandidaat ten minste 5 (vyf) Besigheidsdae sal laat om te reageer.

19.8. Onderhewig aan die bepalings van klausule 19.9 hieronder, sal die nie-nakoming van die benoemingsproses soos in hierdie klausule 19 vervat tot die kansellering lei van sodanige gebrekkige benoeming en of aanvaarding.



19.9. Die Bestuursraad mag voor die uitstuur van die kennisgewing vir 'n Ledevergadering 'n gebrekkige benoeming en/of aanvaarding kondoneer by wyse van 'n eenparige besluit (uitgesluit die stem van 'n Bestuurslid waaroor die gebrekkige benoeming bestaan).

19.10. Die Bestuursraad mag tot en met die hantering van die agenda-item op 'n Ledevergadering vir die verkiesing van Bestuurslede enige kandidaatskap vir sodanige verkiesing skrap op grond van 'n kandidaat se nie-voldoening aan die bepalinge van klousule 18.5 hierbo.

19.11. Die Vereniging sal die name van benoemde kandidate wat voldoen aan die benoemingsproses soos in hierdie klousule 19 vervat, en ten opsigte van wie die Vereniging geen rede het om te glo dat die benoemde kandidate onbevoeg of gediskwalifiseer is om as 'n Bestuurslid te dien nie, publiseer as deel van die kennisgewing vir die Ledevergadering waarop die verkiesing sal plaasvind.

## 20. VERKIESING VAN BESTUURSLEDE

20.1. Indien die voorsitter van die Ledevergadering 'n benoemde Bestuurslid is vir 'n verkiesing by die Ledevergadering, sal die voorsitter vervang word as voorsitter met die aanvang van die agenda-item vir die verkiesing van Bestuurslede deur die plaasvervangende voorsitter soos aangewys in terme van klousule 11.1 hierbo en wat dan al die funksies van die voorsitter in terme van hierdie klousule 20 sal behartig, waarna die plaasvervangende voorsitter sal terugstaan as voorsitter ten gunste van die oorspronklike voorsitter van die Ledevergadering.

20.2. By 'n Ledevergadering waarop Bestuurslede verkies word, het elke Lid soveel stemme vir sodanige verkiesing as wat daar vakatures op die Bestuursraad is wat by wyse van die verkiesing gevul moet word. Ter wille van duidelikheid, 'n Lid met meer as een Geregistreeerde Eiendom, sal vir elke sodanige Geregistreeerde Eiendom soveel stemme hê as wat daar vakatures op die Bestuursraad is.


20.3. Indien die benoemde Bestuurslede (sien klousule 19 hierbo) minder is as, of gelyk is aan die aantal vakatures wat gevul moet word, sal die voorsitter van die Ledevergadering met die aanvang van die agenda-item vir die verkiesing van Bestuurslede die benoemde Bestuurslede as behoorlik verkies verklaar.

20.4. Indien daar meer benoemde Bestuurslede is as die vakatures wat gevul moet word, sal 'n enkele stembrief aan Lede uitgereik word (vir elkeen van hul Geregistreeerde Eiendomme) met die name van die benoemde Bestuurslede en vir wie Lede in 'n enkele stemrondte kan stem.

20.5. Die verkiesing van benoemde Bestuurslede sal altyd plaasvind by wyse van 'n geslote stembrief en die Ouditeure sal die tel van stemme waarneem.

20.6. Die benoemde Bestuurslede sal die vakatures vul in die volgorde van die hoeveelheid (meeste) stemme ontvang, totdat al die vakatures gevul is.

20.7. Indien daar meer as een vakature bestaan vir die verkiesing van Bestuurslede, en daar is 'n staking van stemme tussen benoemde Bestuurslede met die meeste stemme vir die laaste vakature wat gevul moet word, sal daar in verdere stemrondte vir die vakature plaasvind identies aan die eerste stemrondte, behalwe dat die stemmery net sal wees ten opsigte van die benoemde Bestuurslede met die gelyke (meeste) hoeveelheid stemme vir die laaste vakature. Indien daar in die



tweede stemronde weer 'n staking van stemme is tussen hierdie benoemde Bestuurslede, sal die vakature gevul word by wyse van 'n trekking van name deur die voorsitter van die Ledevergadering.

20.8. Indien 'n Lid meer stemme uitoefen as waarop hy/sy geregtig is in terme van artikel 20.2 hierbo, sal sodanige Lid se stembrief as bederf beskou word en van geen belang hoegenaamd wees nie.

20.9. Die voorsitter van die Ledevergadering sal na afloop van die stemproses die verkiesing finaal verklaar deur die aankondiging van die uitslag met blote verwysing na die name van die verkose Bestuurslede en die totale aantal stemme uitgebring, maar nie die stemgetalle per suksesvolle en onsuksesvolle kandidaat nie.

20.10. Indien 'n benoemde Bestuurslid voor die Ledevergadering waarop die verkiesing moet plaasvind, tot en met die aanvang van die agenda item vir die verkiesing van Bestuurslede sy benoeming onttrek, sal sy/haar naam geskrap word van die stembrief, of in opdrag van die voorsitter van die Ledevergadering as geskrap geag word en sal enige stemme vir sodanig onttrekte benoeming nie in ag geneem word nie.

20.11. Indien 'n Bestuurslid wat as verkies verklaar is deur die voorsitter van die Ledevergadering, voor die afsluiting/verdagings van die Ledevergadering sy/haar verkiesing van die hand wys, sal sodanige Bestuurslid outomaties geag word nie verkies te wees nie en die benoemde Bestuurslid met die naashoogste stemme outomaties in sy/haar plek verkies wees. Indien daar 'n gelykheid is van stemme tussen benoemde Bestuurslede met die naashoogste stemme, sal die vakature gevul word by wyse van 'n trekking van name deur die voorsitter van die Ledevergadering. Vir alle ander gevalle sal die verkose Bestuurslid wat sy/haar verkiesing van die hand gewys het soos hierbo voorsien 'n vakature tot gevolg hê wat ingevolge klousule 21 hieronder hanteer moet word.


20.12. Sodra die voorsitter van die Ledevergadering 'n benoemde Bestuurslid as verkose verklaar het, sal sodanig verkose Bestuurslid as geldig verkose geag word en ten spyte van enige gebrek in die benoeming en/of verkiesing van sodanige verkose Bestuurslid. Slegs 'n hof of geregtelike tribunaal met jurisdiksie kan die verkiesing van verkose Bestuurslid nietig verklaar, en dan ook net met ingang van die datum van so 'n beslissing, met ander woorde nie terugwerkend nie.

20.13. 'n Bestuurslid wat egter ten tye van sy/haar verkiesing nie voldoen het aan die bepalings van klousule 18.5 hierbo nie, se verkiesing is outomaties, en vanuit die staanspoor nietig en die Vereniging moet sodra die nietigheid van die verkiesing bekend word, terugwerkend stappe neem om enige Bestuursraadsbesluite waarvan so 'n Bestuurslid deel was reg te stel by wyse van ratifisering of met nuwe besluite.

20.14. Lede wat ontevrede is met die uitslag en/of proses van die verkiesing van Bestuurslede kan, en addisioneel tot enige relevante regsaksie, te eniger tyd 'n mosie vir 'n herverkiesing loods in terme van klousule 9.6.3 hierbo.

## 21. VAKATURE OP DIE BESTUURSRAAD

21.1. 'n Vakature op die Bestuursraad word geag vir doeleindes van hierdie klousule 21 te ontstaan slegs indien daar op enige stadium nie die minimum aantal Bestuurslede is nie, soos voorgeskryf in



klousule 18.1 hierbo. Hierdie klousule 21 is nie van toepassing op die vakatures wat jaarliks outomaties ontstaan vir die herverkiesing van die Bestuursraad by Algemene Jaarvergaderings nie.

21.2. Indien 'n vakature op die Bestuursraad ontstaan, sal die Bestuursraad binne 30 (dertig) Besigheidsdae enige kwalifiserende Individu as 'n plaasvervangende Bestuurslid aanstel om sodanige vakature te vul tot en met 'n herverkiesing van die Bestuursraad by die volgende Algemene Jaarvergadering. Tot en met sodanige verkiesing, sal die plaasvervangende Bestuurslid al die bevoegdhede, funksies en pligte hê, en onderhewig wees aan al die aanspreeklikhede van enige ander Bestuurslid.

21.3. In die geval van 'n staking van stemme op die Bestuursraad ten opsigte van die aanstelling van 'n plaasvervangende Bestuurslid soos voorsien in klousule 21.2 hierbo, of waar meer as 3 (drie) vakatures op die Bestuursraad ontstaan het sedert die voorafgaande Algemene Jaarvergadering, sal die Bestuursraad so spoedig moontlik 'n Spesiale Ledevergadering belê vir die verkiesing van Bestuurslede tot al die vakatures wat ontstaan het sedert die voorafgaande Algemene Jaarvergadering, tensy die datum van sodanige Spesiale Ledevergadering binne 21 (een en twintig) Besigheidsdae sou wees van die datum van die volgende Algemene Raadsvergadering, in welke geval die vakature(s) nie gevul hoef te word nie.

21.4. Indien daar met die ontstaan van 'n vakature of vakatures vir welke rede ookal nie 'n Bestuursraadskworum is nie, byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot 'n geval van die bedanking van al die Bestuurslede, sal die Ouditeure in die plek van die Bestuursraad so spoedig moontlik 'n Spesiale Vergadering belê vir 'n verkiesing van 'n volledige Bestuursraad, tensy die datum van die Spesiale Vergadering binne 21 (een en twintig) Besigheidsdae is van wanneer die volgende Algemene Raadsvergadering kan plaasvind, in welke geval die Ouditeure die belê van die Algemene Jaarvergadering en die verkiesing van die Bestuursraad in die geheel sal hanteer.

## 22. VERGADERINGS VAN DIE BESTUURSRAAD

22.1. Die Bestuursraad kan vergader vir die hantering van hul besigheid, vergaderings verdaag en andersins reguleer soos hulle goeddink, onderhewig aan enige bepalings van hierdie Grondwet.


22.2. 'n Voorsitter van die Bestuursraad en 'n Ondervoorsitter van die Bestuursraad sal by wyse van 'n geslote stemming verkies word:

22.2.1. by die eerste Bestuursraadsvergadering na elke Algemene Jaarvergadering; en daarna

22.2.2. by die eerste Bestuursraadsvergadering na die ontruiming van die Voorsitter en/of Ondervoorsitter se amp.

22.3. Die Voorsitter (en in sy/haar afwesigheid die Ondervoorsitter) van die Bestuursraad, sal as voorsitter optree by alle Bestuursraadsvergaderings. Indien die Voorsitter en die Ondervoorsitter nie by 'n Bestuursraadsvergadering teenwoordig is nie, sal, die teenwoordige Bestuurslede 'n voorsitter van die vergadering uit eie geleedere verkies.

22.4. 'n Bestuurslid kan 'n Bestuursraadsvergadering namens 'n ander Bestuurslid bywoon by wyse van 'n geskrewe proksie wat met die aanvang van die Bestuursraadsvergadering aan die aanwesige Bestuurslede voorsien sal word.



22.5. Vergaderings van die Bestuursraad sal gehou word so dikwels as wat deur die Bestuursraad bepaal word, maar minstens een keer elke 3 (drie) kalendermaande.

22.6. Kennisgewing van vergaderings van die Bestuursraad sal by wyse van 'n skriftelike kennisgewing aan Bestuurslede gedoen word:

22.6.1. met die versending van die kennisgewing ten minste 5 (vyf) Besigheidsdae voor die vergaderingsdatum; en

22.6.2. met die agenda van die Bestuursraadsvergadering en alle ondersteunende dokumente; en

22.6.3. die notule van die vorige vergadering en inligting ten opsigte van alle besluite wat deur die Bestuurslede sedert die vorige Bestuursraadsvergadering geneem is.

22.7. Die Voorsitter:

22.7.1. kan enige tyd 'n vergadering van die Bestuursraad belê; en

22.7.2. moet so 'n vergadering belê indien dit deur minstens twee Bestuurslede vereis word.

22.8. Die Bestuursraad mag 'n vergadering geheel en al of deels hou by wyse van 'n elektroniese medium solank die elektroniese medium wat gebruik word Bestuurslede in staat stel om gelyktydig en volledig direk met mekaar te kommunikeer en om effektief aan die vergadering deel te neem.

22.9. Die kworumvereiste vir enige agenda-items wat 'n besluit deur die Bestuursraad verlang, is die aanwesigheid van ten minste 'n meerderheid van die aantal Bestuurslede met die aanvang van betrokke agenda-item, en die agenda-item kan volvoer word ten spyte van 'n latere gebrek aan die vereiste kworum.

22.10. 'n Bestuurslid wat homself/haarself verskoon van die Bestuursvergadering tydens die hantering van die betrokke agenda-item kan sy/haar stem ten opsigte van die besluit benodig vir die agenda-item mondeling verklaar en laat notuleer, in welke geval die stem sal geld as sy/haar geldige stem ten opsigte van die agenda-item.

22.11. 'n Bestuurslid wat homself/haarself verskoon van 'n besluit weens 'n konflik van belange, soos onder meer aangespreek in die Gedragskode vir Bestuurslede (Bylae B), se aanwesigheid sal nie getel word in die berekening van 'n kworum vir die spesifieke Bestuursraadsvergadering nie.

22.12. Indien binne 30 (dertig) minute na die vasgestelde tyd vir 'n vergadering om te begin nie aan die vereiste kworum voldoen is nie, word die vergadering uitgestel sonder mosie, stemmery of verdere kennisgewing, tot 'n datum wat deur die teenwoordige Bestuurslede bepaal sal word, welke datum nie vroeër as 2 (twee) Besigheidsdae en nie later as 10 (tien) Besigheidsdae na die datum van die vergadering op dieselfde tyd en plek sal wees nie, of indien sodanige plek nie beskikbaar is nie, op sodanige ander plek as wat die aanwesige Bestuurslede mag besluit.

22.13. Indien daar by die vergadering wat ingevolge klousule 22.12 hierbo uitgestel is, nie 'n kworum teenwoordig is binne 30 (dertig) minute na die tyd wat bepaal is vir die vergadering om te begin nie, sal die Bestuurslede teenwoordig of hul gevolmagtigde Bestuurslede by daardie uitgestelde vergadering 'n kworum wees.



22.14. Die gebrek aan 'n kworum vir 'n agendabesluit soos voorsien in klousule 22.9 hierbo, veroorsaak dat (slegs) die agenda-item as gekanselleer beskou word en die item kan eers weer by wyse van 'n latere Bestuursvergaderingsagenda hanteer word.

22.15. Die Vereniging moet notule hou van die vergaderings van die Bestuursraad, en enige van sy komitees, en in die notule insluit:

22.15.1. enige verklaring gemaak deur 'n Bestuurslid ten opsigte van 'n moontlike of werklike konflik van belange, soos onder andere aangespreek in die Gedragskode vir Bestuurslede (Bylae B); en

22.15.2. elke besluit wat deur die Bestuursraad geneem is.

22.16. Besluite wat deur die Bestuursraad geneem is:

22.16.1. moet gedateer en opeenvolgend genommer word; en

22.16.2. is van krag vanaf die datum van die besluit, tensy die besluit anders bepaal.

22.17. Die Vereniging sal 'n afskrif van die konsepnotule van enige verrigtinge van die Bestuursraad binne 30 (dertig) dae na die vergadering aan alle Bestuurslede versprei, om finaal goedgekeur te word by die volgende Bestuursraadsvergadering.

22.18. Ongeag of die notule soos in klousule 22.17 hierbo reeds goedgekeur is al dan nie, sal enige notule van 'n Bestuursvergadering, of 'n besluit, onderteken deur die Voorsitter, of deur die voorsitter van die volgende Bestuursraadsvergadering, in die afwesigheid van 'n ooglopende fout, bewys wees van die verrigtinge van daardie vergadering, of aanvaarding van 'n besluit, na gelang van die geval.

22.19. Geen Lid het outomaties toegang tot die notule van die Bestuursraad nie.


22.20. 'n Bestuursraadsvergadering mag voortgaan ten spyte van 'n versuim of gebrek in die gee van kennisgewing of agenda van die vergadering, soos vereis in terme van klousule 22.6 hierbo, op voorwaarde dat al die Bestuurslede die versuim of gebrek kondoneer.

22.21. 'n Besluit waarvoor op 'n Bestuursraadsvergadering gestem moet word, kan as 'n alternatief tot 'n vergadering, die besluit bloot elektronies of andersins aan die Bestuurslede versend vir oorweging en 'n besluit, sonder om te voldoen aan kennisgewingsvereistes, op die streng voorwaarde dat elke Bestuurslid skriftelik, voor of tesame met sy besluit of stem, instem tot hierdie alternatiewe besluitnemingsproses. Die Voorsitter sal toesien dat die finale besluit, aldus geneem, binne 5 (vyf) Besigheidsdae aan al die Bestuurslede versend word en 'n besluit aldus geneem is net so geldig as 'n besluit aanvaar by 'n vergadering behoorlik belê.

### 23. BESLUIE VAN DIE BESTUURSRAAD

23.1. Elke Bestuurslid het een stem ten opsigte van 'n aangeleentheid voor die Bestuursraad waarvoor 'n besluit benodig word.

23.2. Alle besluite van die Bestuursraad sal met 'n gewone meerderheid van alle stemme aanvaar word, tensy hierdie Grondwet anders bepaal.



23.3. Slegs stemme uitgebring sal gebruik word om te bepaal of 'n besluit aanvaar is, met ander woorde weerhoude stemme sal geensins in berekening gebring word nie.

23.4. In die geval van 'n staking van stemme:

23.4.1. het die Voorsitter nie 'n beslissende stem bo en behalwe sy stem as 'n Bestuurslid nie; en

23.4.2. die aangeleentheid waaroor gestem word, misluk. Die mislukte aangeleentheid moet egter aan die volgende Ledevergadering voorgelê word vir besluit by wyse van 'n Gewone Besluit indien die Voorsitter so besluit, of indien ten minste 3 (drie) Bestuurslede dit vereis.

23.5. Die Bestuursraad het die reg om besluite van tyd tot tyd te wysig of te kanselleer.

23.6. 'n Bestuurslid wat ten tye van sy/haar verkiesing nie voldoen het aan die bepalings van klousule 18.5 hierbo nie, se verkiesing is outomaties, en vanuit die staanspoor nietig, en die Bestuursraad moet in sodanige geval terugwerkend stappe doen om enige Bestuursraadsbesluite waarvan so 'n Bestuurslid deel was reg te stel by wyse van ratifisering of met nuwe besluite.

23.7. Elke vergaderingsagenda sal voorsiening maak vir die verklaring van 'n konflik van belange deur Raadslede met die aanvang van elke vergadering;

#### 24. BESTUURSLEDE SE UITGAWES EN VERGOEDING

24.1. Behoudens die bepalings van klousule 24.2 hieronder, is Bestuurslede nie geregtig op enige vergoeding vir die verrigting van hul funksies as 'n Bestuurslid nie.


24.2. Die Vereniging mag vergoeding betaal aan Bestuurslede wat op grond van hul professionele bekwaamheid tot die Bestuursraad verkies is ten einde die Bestuursraad behulpsaam te wees met hul verantwoordelikhede, op voorwaarde dat die vergoeding by wyse van 'n Gewone Besluit van die Lede goedgekeur is, welke Gewone Besluit elke jaar tydens die Algemene Jaarvergadering bekragtig moet word vir solank as wat die vergoeding betaalbaar is.

24.3. Bestuurslede sal daarop geregtig wees om alle redelike en bona fide-uitgawes deur hul aangegaan in die uitvoering van hul pligte as Bestuurslede van die Vereniging te eis, op voorwaarde dat die uitgawes deur die Bestuursraad goedgekeur is. Voorts sal die Vereniging die uitgawes waarvoor Bestuurslede aldus vergoed is jaarliks voorlê aan die Algemene Jaarvergadering vir kennisname.

24.4. Die Vereniging mag nie op enige wyse finansiële hulp aan 'n Bestuurslid verleen nie, hetsy by wyse van 'n lening, skulddelging, borgskap of iets soortgelyks, tensy die finansiële hulp verband hou met:

24.4.1. regskoste met betrekking tot 'n aangeleentheid rakende die Vereniging en waarvoor die Bestuurslid gevrýwaar is in terme van klousule 25 hieronder; of

24.4.2. 'n voorskot is van verwagte uitgawes wat deur die Bestuurslid namens die Vereniging aangegaan sal word.



## 25. VRYWARING VAN BESTUURSLEDE

25.1. Die Vereniging vrywaar elke Bestuurslid en onderneem om hom/haar skadeloos te hou ten opsigte van enige persoonlike aanspreeklikheid of eise wat voortspruit uit die uitvoering van sy/haar pligte en aksies as Bestuurslid, maar welke vrywaring en skadeloosstelling onderhewig is aan die bepalinge van klousule 25.2 hieronder.

25.2. Die vrywaring en skadeloosstelling van Bestuurslede in klousule 25.1 hierbo sal nie geld nie ten opsigte van aanspreeklikheid of eise wat voortspruit uit:

25.2.1. opsetlike wangedrag of opsetlike verbreking van die Gedragskode (Bylae B);

25.2.2. die verrigting van handelings namens die Vereniging ten spyte van die wete dat die handeling ongemagtig of onwettig is;

25.2.3. growwe nalatigheid of roekeloosheid in die bestuur van die Vereniging se besigheid;


25.2.4. aksies of die bestuur van die Vereniging se besigheid met die bedoeling om enige Persoon te bedrieg of vir enige bedrieglike of onwettige doelwit.

25.3. Die Vereniging sal versekering in stand hou ter ondersteuning van die vrywaring en skadeloosstelling in klousule 25.1 hierbo.

## 26. KOMITEES VAN DIE BESTUURSRAAD

26.1. Die Bestuursraad is gemagtig om subkomitees van die Bestuursraad aan te stel ten einde die Bestuursraad behulpsaam te wees met die uitvoering van hul pligte, maar die Bestuursraad is nie geregtig om die subkomitees te beklee met enige gedelegeerde bevoegdhede nie, en die Bestuursraad behou te alle tye volle verantwoordelikheid vir die bestuur van die Vereniging se besigheid.

26.2. Subkomitees kan saamgestel word uit Bestuurslede en/of enige ander Individue, soos wat die Bestuursraad mag besluit, en het die mag om subkomitees te enige tyd te ontbind.



#### HOOFSTUK 4: FINANSIËLE BESTUUR

##### 27. FINANSIËLE BESTUUR EN JAARSTATE

27.1. Die verantwoordelikheid vir toereikende finansiële bestuur, rekenkundige stelsels en kontrole berus by die Bestuursraad.

27.2. Die finansiële Jaareinde van die Vereniging is die laaste dag van September elke jaar.

27.3. Tensy anders besluit word deur die Lede by wyse van 'n Gewone Besluit, sal die vereniging sy Finansiële State jaarliks laat oudit deur 'n bevoegde Geoktrooieerde Rekenmeester.

27.4. Die Vereniging sal elke jaar Finansiële Jaarstate voorberei en deur die Bestuursraad laat goedkeur binne 3 (drie) maande na die einde van die Finansiële Jaar en die Vereniging sal akkurate en volledige Rekeningkundige Rekords byhou soos benodig vir die opstel van die Finansiële State.

27.5. Die Finansiële Jaarstate sal:

27.5.1. voldoen, wat vorm en inhoud aanbetref, aan die Rekeningkundige Standaarde;

27.5.2. die finansiële stand van die Vereniging volledig en korrek weergee, insluitend finansiële verpligtinge, kontantvloei, bates en laste, en werklike en potensiële finansiële aanspreeklikhede;

27.5.3. die datum bevat waarop die Finansiële Jaarstate opgestel is en die rekeningkundige tydperk waarop dit van toepassing is; en

27.5.4. op die eerste bladsy daarvan 'n duidelike kennisgewing insluit wat aandui dat die finansiële jaarstate geaudit of onafhanklik nagegaan is (indien enige hiervan van toepassing is) en die naam en professionele benaming van die Persoon wat dit opgestel het.

##### 28. HEFFINGS


28.1. Die Vereniging is geregtig om te eniger tyd maandelikse of spesiale heffings ("Heffings") in te stel wat deur Lede betaalbaar is ter delging van al die uitgawes van die Vereniging in die uitvoering van sy verantwoordelikheid in terme van hierdie Grondwet.

28.2. Die Vereniging is geregtig om gedifferensieerde Heffings in te stel ten opsigte van sekere Lede en/of Erwe en te verhaal waar sekere uitgawes slegs met sodanige Lede en/of Erwe verband hou.

28.3. Die Bestuursraad moet by wyse van die Heffings te alle tye verseker dat daar voldoende fondse beskikbaar is ten einde alle uitgawes betyds te delg.

28.4. Die Bestuursraad moet by wyse van die Heffings verseker dat 'n reserwefonds onderhou word ooreenkomstig die riglyne aanvaar deur die Vereniging van tyd tot tyd ten einde, binne redelike perke, onvoorsiene uitgawes te delg.

28.5. Die Bestuursraad mag by wyse van die Heffings die beskikbaarheid verseker van enige spesiale fondse wat benodig mag word vir 'n spesifieke doelwit van die Vereniging, en indien nodig 'n spesiale of eenmalige Heffing daarvoor instel wat betaalbaar is deur Lede by wyse van eenmalige betalings of in paaiemente soos deur die Bestuursraad bepaal.



28.6. Ten einde die normale Heffings te bepaal, sal die Bestuursraad elke jaar, voor die aanvang van 'n nuwe Finansiële Jaar, 'n beraming doen van die fondse benodig om die uitgawes van die Vereniging vir die nuwe Finansiële Jaar te dek, tesame met die voorsiening vir reserwes of spesiale uitgawes indien van toepassing.

28.7. Tensy anders deur die Vereniging bepaal, sal die Heffings bereken in terme van klousule 28.6 hierbo deur Lede betaalbaar wees per Erf en by wyse van gelyke maandelikse paalemente, vooruit betaalbaar en sonder aftrekking of verrekening hoegenaamd, op die eerste dag van elke maand.

28.8. Sodra 'n Lid se lidmaatskap van die Vereniging eindig, verval sodanige Lid se verpligting om Heffings te betaal, sonder benadeling van die Vereniging se reg om agterstallige Heffings te verhaal. Geen Heffings betaal deur 'n Lid sal onder enige omstandighede deur die Vereniging terugbetaalbaar wees by die beëindiging van 'n Lid se lidmaatskap van die Vereniging nie.


28.9. 'n Lid se regsopvolger in titel (die opvolgende Geregistreerde Eienaar) sal vanaf die datum waarop hy 'n Lid word aanspreeklik wees vir die Heffings toeskryfbaar aan daardie Erf.

28.10. Behoudens enige Verenigingsreël tot die teendeel, sodra 'n Lid agterstallig is met die betaling van Heffings vir meer as 60 (sestig) dae, en totdat die Lid alle uitstaande Heffings ten volle betaal het, sal die Stemreg van die Lid outomaties opgeskort word, en sonder dat enige verdere optrede aan die kant van die Vereniging nodig is.

28.11. 'n Lid wie se Stemreg opgeskort is, en wat steeds agterstallig is op die Rekorddatum vir 'n Ledevergadering, se Stemreg vir daardie Ledevergadering sal opgeskort bly, ongeag die vereffening van die agterstallige Heffings voor die aanvang van die Ledevergadering.

28.12. Enige geskil wat ontstaan tussen een of meer Lede en die Vereniging met betrekking tot die Heffings sal deur die Ouditeure beoordeel word (as deskundiges en nie as arbiters nie) en hul bevinding ten opsigte van sodanige geskil sal finaal en bindend op die Lede en die Vereniging wees. Die Ouditeure sal ook 'n beslissing maak ten opsigte van wie verantwoordelik is vir hul kostes in die verband.

28.13. Hangende die uitslag van die beoordeling van enige geskil, soos voorsien in klousule 28.12 hierbo, sal die betrokke Lid of Lede steeds verantwoordelik wees vir die Heffings en die stiptelike betaling daarvan soos deur die Vereniging ingestel.



## HOOFSTUK 5: ALGEMEEN

### 29. KENNISGEWINGS EN DOKUMENTASIE

29.1. Indien 'n kennisgewing, van watter aard ook al ingevolge hierdie Grondwet aan 'n Lid of 'n Bestuurslid versend moet word, kan sodanige kennisgewing in die diskresie van die Vereniging aan 'n Lid of aan 'n Bestuurslid versend word by wyse van:

29.1.1. persoonlik betekening;

29.1.2. elektroniese kommunikasie na sy/haar laaste bekende e-posadres verskaf aan die Vereniging;

29.1.3. per geregistreerde pos na die laaste bekende adres aan die Vereniging verskaf.

29.2. Die Vereniging se voorkeurkennisgewingsmetode is elektroniese kommunikasie na e-posadresse en tensy 'n Lid die Vereniging skriftelik inlig om nie kennisgewings na sy/haar e-posadres te stuur nie, tesame met 'n alternatiewe posadres, sal dit geag word dat 'n Lid kennisgewings per e-pos sal ontvang. Bestuurslede is verplig om kennisgewings per e-pos te ontvang indien die Vereniging dit aldus versend.

29.3. Die verpligting om te sorg dat die Vereniging in besit is van korrekte fisiese, e-posadresse en posadresse berus by Lede en Bestuurslede.

29.4. Indien 'n Erf meer as 1 (een) Geregistreerde Eienaar het, sal alle kennisgewings aan die Verteenwoordiger van sodanige Geregistreerde Eienaar gegee word, en by gebrek aan sodanige aanstelling om welke rede ook al, dan die Persoon wat eerste genoem word in die Vereniging se Lederegister vir die Erf.

29.5. 'n Skriftelike kennisgewing sal geag word deur 'n Lid of Bestuurslid behoorlik ontvang te wees:

29.5.1. Sodra ontvang deur 'n Individu by die afleweringadres, indien persoonlik afgelewer;


29.5.2. 3 (drie) Besigheidsdae na versending by wyse van geregistreerde pos; 29.5.3. op die 1ste(eerste) Besigheidsdag na versending by wyse van 'n e-pos.

29.6. Die bewyslas berus op die Lid of Bestuurslid aan wie die kennisgewing versend is om te bewys dat die kennisgewing nie ontvang is nie.

29.7. Nieteenstaande enige iets in hierdie Grondwet vervat tot die teendeel, sal enige geskrewe of ongeskrewe kommunikasie werklik ontvang, voldoende kennisgewing behels op die datum van ontvangs.

29.8. Die Vereniging is geregtig om dokumentasie waarvan die Lid of Bestuurslid kennis moet neem te publiseer op die Vereniging se webtuiste, op voorwaarde dat 'n kennisgewing van die publikasie op die webtuiste aan die Lid of Bestuurslid versend word, tesame met aanwysings van hoe om die dokumentasie te ontsluit.

29.9. Kennisgewings of kommunikasies deur 'n Lid of 'n Bestuurslid aan die Vereniging versend, sal slegs as ontvang geag word indien sodanige ontvangs skriftelik deur die Vereniging bevestig is.



### 30. LEDE SE REG OP INLIGTING

30.1. 'n Lid is geregtig op toegang tot die volgende dokumente by die Geregisteerde Kantoor van die Vereniging gedurende gewone kantoorure op Besigheidsdae:

30.1.1. die Lederegister, beperk tot name, e-posadresse of posadresse;

30.1.2. die besonderhede ten opsigte van huidige en voormalige Bestuurslede, beperk tot name, e-posadresse of posadresse;

30.1.3. die kennisgewings en notules van die afgelope 3 (drie) jaar se Algemene Jaarvergaderings, en voorleggings en algemene kommunikasies aan Lede met betrekking tot sodanige vergaderings;

30.2. Lede het nie 'n outomatiese reg tot enige ander dokumente van die Vereniging nie, in die besonder, maar nie beperk nie, tot inligting wat persoonlik aan 'n Lid is, stembriewe, die inhoud van volmaginstrumente, proksies en dokumente wat verband hou met die verrigtinge van die Bestuursraad, soos notules.

30.3. Vir toegang tot dokumente en inligting van die Vereniging anders as vervat in klousule 30.1 hierbo, sal Lede die prosesse volg soos beskryf in Wet op die Bevordering van Toegang tot inligting (Nr. 2 van 2000), die Vereniging se PAIA Handleiding en onderhewig aan enige wetlike beperkings wat op die Vereniging geplaas word met betrekking tot die openbaarmaking van inligting (soos ingevolge Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Nr. 4 van 2013).

30.4. Vir enige afskrifte van dokumentasie voorsien aan Lede, sal die Vereniging geregtig wees om die direkte kostes van afskrifte en/of versending van Lede te verhaal alvorens die kostes aangegaan word.

30.5. Die Vereniging sal nie verantwoordelik wees vir die verlies in die versending van enige dokument wat per pos gestuur word nie, hetsy na die geregistreerde adres van enige Lid of na enige ander adres wat deur die Lid versoek word.

### 31. VRYWARING

Eike Lid vrywaar die Vereniging (wat vir doeleindes van hierdie klousule 31 die Bestuursraad, bestuur, beamptes, werknemers en agente insluit) teen enige verlies of skade gely deur sodanige Lid (wat vir doeleindes van hierdie klousule 31 sy/haar gevolmagtigdes, werknemers, agente, kontrakteurs, of bewoners of gaste van sy/haar Erf insluit), veroorsaak deur die Vereniging as gevolg van enige onregmatige handeling, nalatigheid (insluitend enige handeling of versuim), tensy sodanige handeling of versuim of oortreding die gevolg was van opsetlike wangedrag of roekeloosheid aan die kant van die Vereniging.

### 32. GESKILBESLEGTING DEUR BEMIDDELING

32.1. Alle dispute, ongeag die aard of oorsprong daarvan, tussen die Vereniging en 'n Lid (of Lede), of tussen die Vereniging en 'n Bestuurslid, sal onderwerp word aan bemiddeling soos voorsien in terme



van hierdie klousule 32, alvorens die geskil verwys mag word na 'n reguleerder, ombudsman, tribunaal of 'n hof.

32.2. Sodra 'n geskil deur enige van die partye verklaar is, sal die Vereniging en die Lid (of Lede) binne 10 (tien) Besigheidsdae ooreenkom op 'n bemiddelaar, wat sal wees:

32.2.1. 'n praktiserende geoktrooieerde rekenmeester indien die geskil hoofsaaklik 'n rekeningkundige aangeleentheid is;

32.2.2. 'n praktiserende prokureur of advokaat indien die geskil 'n regspraak behels, of 'n interpretasie of toepassing van hierdie Grondwet;

32.2.3. 'n praktiserende argitek indien die geskil verband hou met enige boukonstruksie of stadsbeplanningsaangeleentheid;

32.2.4. enige onafhanklike en toepaslik gekwalifiseerde persoon in die geval van enige ander geskil.

32.3. By versuim van die partye om op 'n bemiddelaar ooreen te kom, sal die Ouditeure die aanstelling doen binne 10 (tien) Besigheidsdae nadat enige van die partye tot die geskil sodanig versoek het.

32.4. Die bemiddelaar kan enige prosedure volg wat hy mag goeddink om die bemiddeling uit te voer, insluitend om versoeke aan die geskilspartye te rig vir die aanbied van mondelinge of skriftelike verklarings of bewyse, en/of om met die partye of relevante derde partye te konsulteer, of om enige ander proses hoegenaamd te volg.

32.5. Die geskilspartye sal nie verplig wees om enige inligting te openbaar wat as vertroulik of geprivilegeerd beskou word, of wat enige toekomstige regsprosesse mag benadeel nie.

32.6. Die bemiddeling sal vertroulik wees en geag word as skikkingsonderhandelinge, en geen mondelinge of dokumentêre verhoë of getuienis wat deur enige van die geskilspartye tydens sodanige bemiddeling voorgelê is, sal nie deur die ander party(e) in enige verdere regsdinge ten opsigte van die bepaalde geskil gebruik mag word nie, behalwe indien bekom uit hoofde van sodanige regsproses nie.

32.7. Die bemiddelaar sal poog om die geskil binne 30 (dertig) Besigheidsdae na sy/haar aanstelling op te los en in die geval van 'n skikking, sal die bemiddelaar dit op skrif stel en laat onderteken deur die geskilspartye.

32.8. Indien die geskilspartye nie binne 30 (dertig) Besigheidsdae na die bemiddelaar se aanstelling die geskil kan skik nie, sal die bemiddelaar dit skriftelik aan die partye bevestig, waarna dit die geskilspartye vry staan om enige verdere prosesse te volg ter beslegting van die geskil.

32.9. Indien, in die geval van klousule 32.8 hierbo, enige van die geskilspartye in die opinie van die bemiddelaar die bemiddelingsproses ondermyn het, sal die bemiddelaar 'n verslag opstel dat die bemiddelingsproses nie op 'n bona fide-wyse afgehandel is nie, tesame met die redes vir sy gevolgtrekking. Die verslag sal aan die geskilspartye voorsien word en welke verslag deur enige een van hulle gebruik kan word in enige verdere aksies in die beslegting van die geskil.



32.10. Die koste van die bemiddelaar sal gelykop tussen die geskilspartye verdeel word, en die bemiddelaar kan, in sy uitsluitlike diskresie, vereis dat enige party vooraf 'n deposito aan die bemiddelaar verskaf om sy/haar geraamde koste te dek.

32.11. Elkeen van die geskilspartye sal sy/haar eie koste dra in die bemiddelingsproses, insluitend die koste van enige van sy/haar getuies en deskundiges. Sodanige kostes, asook die kostes van die bemiddelaar, sal egter in enige daaropvolgende geding rakende die geskil deel mag uitmaak van enige kostebevel.

32.12. In die geval waar die geskil by wyse van bemiddeling geskik is soos voorsien in klousule 32.7 hierbo, sal 'n geskilsparty die gelyke verdeling van die bemiddelaar se kostes, asook die aanspreeklikheid vir sy/haar eie kostes soos voorsien in klousule 32.11 hierbo, in geskil kan plaas, welke geskil dan slegs besleg kan word by wyse van arbitrasie soos voorsien in klousule 33 hieronder.

### 33. ARBITRASIE

33.1. Tensy uitdruklik anders in hierdie Grondwet bepaal, sal enige geskil tussen die Vereniging en 'n Lid, of tussen die Vereniging en 'n Bestuurslid, met betrekking tot:

33.1.1. die interpretasie van;

33.1.2. die effek van;

33.1.3. die partye se onderskeie regte of verpligtinge kragtens;

33.1.4. die toepassing van;

33.1.5. 'n verbreking van;

33.1.6. en/of die korrektheid van;

hierdie Grondwet, sodra dit skriftelik verklaar is deur enige van die geskilspartye aan die ander party(e), by wyse van arbitrasie beslis word op die wyse in hierdie klousule 33 uiteengesit, deur 'n enkele arbiter en sonder die reg van appèl.

33.2. Die arbiter sal by wyse van eenparige ooreenkoms deur die geskilspartye aangestel word binne 10 (tien) Besigheidsdae na die verklaring van die geskil, en in die afwesigheid van sodanige ooreenkoms, sal die arbiter aangestel word op versoek van enige van die partye deur die Voorsitter van die Kaapstadse Balieraad.

33.3. Die arbitrasie sal in Mosselbaai gehou word.

33.4. Die arbitrasie sal gehou word ooreenkomstig die reëls, formaliteite en prosedures soos deur die arbiter vasgestel, wat op 'n informele en summiere wyse sal wees, dit wil sê, dit sal nie nodig wees om die streng formaliteite, prosedure of bewysreëls van 'n geregshof na te kom nie.

33.5. arbiter is geregtig om:

33.5.1. in eie diskresie, of op versoek van enige van die geskilspartye, te beslis dat enige of al die partye sekuriteit verskaf vir die totale of 'n gedeelte van die verwagte koste van die arbitrasie;



33.5.2. enige aangeleentheid, feit of saak wat hy nodig of wenslik ag in verband met enige aangeleentheid wat na hom verwys is, te ondersoek of te laat ondersoek; en


33.5.3. so 'n toekenning te maak as wat hy/sy na goeddunke gepas en toepaslik mag ag, insluitend 'n toekenning vir spesifieke prestasie, 'n interdik, skadevergoeding, 'n boete, die koste van arbitrasie of andersins.

33.6. Die arbitrasie sal so spoedig moontlik gehou word, met die oogmerk om dit binne 30 (dertig) dae na die arbiter se aanstelling af te handel.

33.7. Die arbitrasie sal in camera gehou word en die geskilspartye sal tydens die arbitrasie die uiterste vertroulikheid handhaaf met betrekking tot alle aangeleenthede wat in die arbitrasie ter sprake is. Die Arbiter se uitspraak mag aan Lede en Bestuurslede bekendgemaak word.

33.8. 'n Verklaring van 'n geskil ingevolge hierdie klousule 33 sal die betekening van 'n proses uitmaak vir doeleindes van onderbreking van verjaring ingevolge Artikel 15 van die Verjaringswet No 68 van 1969.

33.9. Die bepalinge van hierdie klousule 33 verhoed nie enige van die geskilspartye om 'n interdik of enige dringende regshulp van 'n geregshof te bekom wat verband hou met die geskil nie.



**BYLAE A**

**TOT DIE VERENIGINGSREÛLS VAN DIE HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING**

(die "Vereniging")

**ONTWIKKELINGSRIGLYNE VIR VAKANSIEDORP**

(die "Ontwikkelingsriglyne")

**1. DEFINISIES EN INTERPRETASIE**

1.1. Hierdie Ontwikkelingsriglyne is bygewerk op 1 April 2022.

1.2. Tensy anders bepaal in terme van hierdie Ontwikkelingsriglyne, of indien die konteks duidelik die teendeel aantoon, sal alle definisies en interpretasie van woorde en begrippe gedoen word ooreenkomstig die "Definisies" en "Interpretasies" van die Vereniging se Grondwet.

**2. AGTERGROND**

2.1. Die Vereniging het tot stand gekom as 'n huiseienaarsvereniging in terme van Artikel 29 van die Land Use Planning Ordinance No 15 of 1985 (die "Ordonnansie") met registrasie van die eerste oordrag van 'n Erf aan 'n Persoon anders as die ATKV, en onderhewig aan 'n grondwet wat voldoen het aan die vereistes van die Ordonnansie, en bestaande uit alle eiendom wat ingesluit is in Sones 1 tot 7 wat ontstaan uit die onderverdeling van erwe 3, 1427, 194, 2872, 475, 11429, 202 en gedeelte van Erf 1, Hartenbos, en bestaan hierdie Sones nou uit die volgende erwe geleë te Hartenbos in die munisipale gebied van die Plaaslike Owerheid:

2.1.1. Sone 1 - Erf 3193;

2.1.2. Sone 2 - Erf 202;

2.1.3. Sone 3 - Erf 3467;

2.1.4. Sone 4 - Erf 3485;

2.1.5. Sone 5 - Erf 3501;

2.1.6. Sone 6 - Erf 3515;


2.1.7. Sone 7 - Erf 3537;

hierna die "Vakansiedorp".

2.2. Die Ordonnansie is sedertdien vervang met 'n munisipale ordonnansie, bekend as The Mossel Bay Municipality Standard By-Law On Municipal Land Use Planning regulates Home Owners Associations in the Mossel Bay Municipal area (hierna die "Ordonnansie") en waaraan die Vereniging moet voldoen. Die Ordonnansie vereis onder andere die volgende:

Owners' associations

29. (1) The Municipality may, when approving an application for a subdivision of land, impose conditions relating to the compulsory establishment of an owners' association by the



applicant for an area determined in the conditions.

(2) An owners' association that comes into being by virtue of Subsection (1) is a juristic person and must have a constitution.

(3) The constitution of an owners' association must be approved by the Municipality before registration of the transfer of the first land unit and must make provision for

(a) the owners' association to formally represent the collective mutual interests of the area, suburb or neighbourhood set out in the constitution in accordance with the

conditions of approval;

(b) control over and maintenance of buildings, services or amenities arising from the subdivision;

(c) the regulation of at least one annual meeting with its members;

(d) control over the design guidelines of the buildings and erven arising from the subdivision;

(e) the ownership by the owners' association of all common property arising from the subdivision, including—

(i) private open spaces;

(ii) private roads; and

(iii) land required for services provided by the owners' association;

(f) enforcement of conditions of approval or management plans;


(g) procedures to obtain the consent of the members of the owners' association to transfer an erf in the event that the owners' association ceases to function; and

(h) the implementation and enforcement by the owners' association of the provisions of the constitution.

(4) The constitution of an owners' association may have other objectives as set by the association but may not contain provisions that are in conflict with any law.

(5) The constitution of the owners' association takes effect upon the registration of the transfer of ownership of the first land unit to a person other than the developer.

(6) An owners' association may amend its constitution when necessary, but if an amendment affects the Municipality or a provision referred to in Subsection (3), the amendment must also be approved by the Municipality.



(7) An owners' association that comes into being by virtue of Subsection (1) —

(a) has as its members all the owners of the land units arising from the subdivision and their successors in title, who are jointly liable for expenditure incurred in connection with the association; and

(b) is upon registration of the transfer of ownership of the first land unit to a person other than the developer automatically established.

(8) The design guidelines contemplated in Subsection (3)(d) may introduce more restrictive development rules than the rules provided for in the zoning scheme.

Die Ordonnansie bevat voorts die volgende boureglyne vir die Vakansiedorpgebied:

2.3. In terme van die gesag verleen in die Ordonnansie, en meer spesifiek artikels 29(3)(d) en 29(8), sal die kontrolemaatreëls geld soos vervolgens in hierdie Grondwet vervat.

### 3. VERANDERINGS AAN WONINGS

3.1. Nuwe woonhuise (met "woonhuise" gedefinieer as insluitend van alle aanbouings op dieselfde Erf as die woonhuis), en veranderinge aan bestaande woonhuise moet voldoen aan die volgende:

3.1.1. alle voorskrifte wat die Plaaslike Owerheid van tyd tot tyd mag opleë;

3.1.2. die argitektoniese ontwerp kriteria wat die Vereniging van tyd tot tyd in oorleg met die Plaaslike Owerheid mag opleë.

3.2. Alle bouplanne vir enige nuwe strukture of veranderinge aan bestaande strukture op 'n Erf, moet aan die Vereniging voorgelê word vir goedkeuring op grond van voldoening aan die Ontwikkelingsriglyne aivorens dit by die Munisipaliteit ingedien kan word vir goedkeuring. Dispute ten opsigte van afkeurings en vereistes deur die Munisipaliteit is 'n saak tussen die Lid en die Munisipaliteit.


### 4. BOULYNE

Boulyne word as volg toegepas:

4.1. Waar 'n Erf aan 'n openbare straat grens, is die boulyn 2.0 meter.

4.2. Waar 'n Erf aan 'n privaat straat grens, is die boulyn 1.5 meter.

4.3. Die boulyn is 1.5 meter tussen Erwe.



## 5. OORSKRYDINGS VAN BOULYNE

5.1. Oorskrydings van sy- en agterboulyne sal oorweeg word onder die volgende omstandighede:

5.1.1. Die oprigting van 'n motorhuis of afdak wat slegs 'n enkelvlakstruktuur mag wees, met 'n maksimum hoogte van 4.5 meter, op voorwaarde dat geen vensters, deure of openinge in die grensmuur bestaan nie.

5.1.2. Die oprigting van stoepe, balkonne en trappe wat nie van 'n dak voorsien is nie.

5.1.3. Die oorskryding van die straatboulyn vir die oprigting van motorafdakke.

5.2. Geen goedkeuring sal verleen word vir die oorskryding van boulyne deur 'n bewoonbare vertrek nie.

5.3. Geen oorskrydings sal ook oorweeg word vir dubbelverdiepingstrukture nie.

5.4. In die geval van enige boulynoorskryding sal die eienaar verantwoordelik wees vir die behoorlike afvoer van stormwater.

5.5. In alle gevalle waar boulyne oorskry word, sal die direk aangrensende eienaars se skriftelike kommentaar verkry word alvorens die bouplanne aan die Vereniging en die Plaaslike Owerheid voorgelê word.

5.6. In die geval waar 'n bestaande huis gesloop word, sal enige nuwe struktuur aan die bestaande kontroles van die Vereniging voldoen.

## 6. ONDERVERDELING

Enige onderverdeling van 'n Erf moet ooreenstem met die amptelike kaarte van sones 1 tot en met 7.

## 7. PARKERING


Parkering vir minstens een motorvoertuig moet op elke Erf voorsien word, behalwe indien 'n bestaande ontwikkeling op 'n Erf dit onmoontlik maak. Die beginsel van leef en laat leef geld. Padveiligheid en respek vir ander Lede se spasie is ononderhandelbaar.

## 8. GEMEENSKAPLIKE RUIMTES

Alle eiendom binne die Vakansiedorpgebied wat geregistreer is in naam van die Vereniging is Gemeenskaplike Ruimtes en bestaan ten einde aan alle eienaars toegang te verleen tot hul erwe.

## 9. HEININGS

9.1. Die oprigting van heinings tussen Erwe val binne die jurisdiksie van die Plaaslike Owerheid;



9.2. Die Vereniging mag heinings en toegangshekke aanbring vir Gemeenskaplike Ruimtes en Vakansiedorp se buitengrense, onderhewig aan enige goedkeuringsvereistes van die Plaaslike Owerheid.

9.3. Ter beveiliging van spelende kinders kan 'n Lid skriftelik toestemming versoek van die Bestuursraad vir die oprigting van 'n wit PVC/plastiek-tralieheining op eie koste aan die straatkant met 'n maksimum hoogte van 1 (een) meter en minstens 1.5 (een punt vyf) meter vanaf die randsteen.

## 10. DEKKING

Die maksimum dekking van strukture op 'n Erf is 66% van die Erfoppervlakte. Hersiene Grondwet Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging ~KB LAW (JvA Booyens) REV 430/8/2022

## 11. HOOGTE

11.1. Die maksimum hoogte van geboue is die mees beperkende van óf twee verdiepings, óf 7.5 meter nokhoogte, gemeet vanaf straatvlak.

11.2. Die maksimum hoogte van geboue op Terrein 194, nommers 1 tot 7 en 32 tot 34, is die mees beperkende van óf 'n enkelverdieping, óf 4.5 meter nokhoogte, gemeet vanaf straatvlak.


## 12. BESTAANDE GEBOUE

12.1. Bestaande strukture mag behou word, selfs al word daar nie voldoen aan die Ontwikkelingsriglyne nie.

12.2. Geen nuwe aanbouings of struktuurwysigings mag strydig wees met die Ontwikkelingsriglyne nie.

12.3. Indien 'n bestaande struktuur op 'n Erf afgebreek word, moet enige nuwe gebou op die Erf voldoen aan die Ontwikkelingsriglyne.

12.4. Enige ongemagtigde struktuur op 'n Erf moet verwyder of reggestel word binne 45 (vyf en veertig) Besigheidsdae, gereken vanaf versending van 'n kennisgewing tot die effek deur die Vereniging aan die Geregistreerde Eienaar. Indien die struktuur nie aldus verwyder of reggestel word nie, sal die Vereniging by magte wees, maar nie verplig nie, om die struktuur te verwyder of reg te stel en die onkoste daaraan verbonde van die Geregistreerde Eienaar te verhaal.



**BYLAE B****TOT DIE VERENIGINGSREËLS VAN DIE HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING**

(die "Vereniging")

**BESTUURSRAAD: GEDRAGSKODE**

Hierdie gedragskode is daarop gemik om die optrede en gedrag van die Bestuursraad en individuele Bestuurslede te rig by wyse van 'n stel standarde wat sal geld in die uitvoering deur die Bestuursraad van sy regte en verantwoordelikhede.

Elke Bestuurslid sal met sy of haar verkiesing die gedragskode onderteken, maar 'n gebrek aan sodanige ondertekening doen nie afbreuk aan die feit dat 'n Bestuurslid ingevolge die Grondwet gebonde is aan hierdie Gedragskode nie.

**1. Trusteeskap**

Elke Bestuurslid aanvaar 'n vertrouensverpligting met sy of haar verkiesing, deurdat Lede die Vereniging aan die Bestuursraad toevertrou om, soos trustees, namens hulle die belange en doelwitte van die Vereniging te beskerm en te onderhou.

**2. Waardes**

In die uitvoering van hul regte en verpligtinge as lede van die Bestuursraad, sal elke Bestuurslid die volgende waardes toepas:

2.1. Integriteit: Elke Bestuurslid sal met eerlikheid, en onpartydigheid, sonder vooroordele en/of botsende belange optree, en toesien dat die Vereniging as 'n verantwoordelike en wetsgehoorsame organisasie in die gemeenskap funksioneer.

2.2. Verantwoording: Elke Bestuurslid sal sonder voorbehoud bereid wees om rekenskap te gee aan die Bestuursraad en aan Ledevergaderings van die wyse waarop hy of sy die belange van die Vereniging gedien het;

Verantwoording veronderstel ook die bywoning van Bestuursraadsvergaderings, en die aktiewe en konstruktiewe bydrae en deelname deur elke Bestuurslid ten einde die pligte van die Bestuursraad so gelykmatig as moontlik tussen al die Bestuurslede te versprei ("elkeen bring sy kant").

2.3. Moed: Elke Bestuurslid sal die moed van oortuiging hê om op te staan teen enige optrede deur die Bestuursraad of Lede wat nie in die beste belang van die Vereniging is nie.

2.4. Deursigtigheid: Elke Bestuurslid sal toesien dat die Bestuursraad en Ledevergaderings volledig ingelig is oor alle aangeleenthede waarvan hulle bewus moet of behoort te wees, en sal waak teen misleidende gedrag of inligting.

2.5. Professionaliteit: Elke Bestuurslid sal toesien dat die Vereniging op 'n verantwoordelike en professionele manier bestuur word, en waar verlangde kundigheid of inligting ontbreek, te sorg dat dit bekom word alvorens relevante besluite of aksies geneem word. Professionaliteit veronderstel voorts dat in enige skakeling met Lede, mede-Bestuurslede, werknemers, kontrakteurs of enige ander derde partye, elke Bestuurslid dit sal doen met die nodige respek en regverdigheid en op so 'n

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17-03-2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500

wyse dat dit die Vereniging tot eer sal strek, en ook dat vertroulikheid van inligting gehandhaaf sal word.

### 3. KONFLIK VAN BELANGE

Die Bestuursraad en elke Bestuurslid aanvaar dat 'n konflik van belange 'n ernstige en wesenlike bedreiging inhou vir die waardes hierbo uiteengesit. Gevolglik onderneem elke Bestuurslid om aan die volgende beginsels te voldoen:

3.1. Geen Bestuurslid sal enige persoonlike voordeel, hetsy direk of indirek, uit hoofde van sy posisie as Bestuurslid bekom nie.

3.2. Geen Bestuurslid sal deelneem aan 'n aksie wat enige voordeel aan 'n Lid of 'n derde party laat toekom ter bevordering van sy of haar eie persoonlike belange nie, tensy dit die gevolg is van 'n besluit van, of aksie deur, die Vereniging in die uitvoering van sy regte en verpligtinge;

3.3. Elke Bestuurslid sal sy/haar persoonlike sake op so 'n wyse bestuur ten einde 'n konflik met sy/haar verantwoordelikhede as Bestuurslid te verhoed. Dit word egter aanvaar dat nieteenstaande die beste bedoelings, daar van tyd tot tyd omstandighede sal ontstaan in die uitvoering van sy/haar verpligtinge as Bestuurslid, wat wel 'n direkte of indirekte konflik of potensiële konflik laat ontstaan tussen eie, persoonlike belange aan die een kant, en die uitvoering van sy/haar vertrouensverpligting as Bestuurslid aan die ander kant (hierna altesaam genome die "Konflik").

3.4. In die geval van 'n Konflik, sal die volgende prosedure geld:


3.4.1. Daar berus 'n ernstige plig op 'n Bestuurslid om op die vroegste redelike geleentheid 'n skriftelike verklaring te doen aan al die ander Bestuurslede ten opsigte van 'n Konflik.

3.4.2. Indien daar enige besluit deur die Bestuursraad geneem moet word of indien die Bestuursraad 'n aksie moet uitvoer waarvan die besluit of die aksie tot 'n Konflik vir 'n Raadslid sal lei, sal die betrokke Raadslid die aard van die Konflik verklaar op die vroegste redelike geleentheid, maar in elk geval voordat die Bestuurslid deelneem aan enige besluit of aksie van die Bestuursraad.

3.4.3. 'n Bestuurslid met 'n Konflik sal homself/haarself verskoon en op geen wyse deelneem aan 'n besluit of 'n aksie deur die Bestuursliggaam nie, en ook nie sy/haar invloed laat geld ten opsigte van die aksie of besluit nie. Die Bestuurslid wat homself/haarself verskoon van 'n besluit, sal nie getel word in die berekening van 'n kworum vir die spesifieke Bestuursraadsvergadering nie en die konflik-van-belangeverklaring sal genotuleer word, asook die feit dat die betrokke Bestuurslid homself/haarself verskoon het van die hantering van die besluit.

3.4.4. Enige vergoeding wat deur die Vereniging aan 'n Bestuurslid betaalbaar is of word vir dienste gelewer, hetsy direk of indirek by wyse van 'n entiteit of persoon met 'n verbondenheid aan die betrokke Bestuurslid, sal vooraf deur die Bestuursraad goedgekeur word en aan welke goedkeuringsproses die betrokke Bestuurslid nie mag deelneem nie.

3.5. Alle konflik-van-belange-verklarings deur Bestuurslede sal op die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering as 'n verpligte agenda-item voorgelê word en 'n konflik van belange-verklaring sal vir solank as wat dit bestaan, op elke Algemene Jaarvergadering se agenda dien.



3.6. In die geval van 'n onsekerheid of 'n Konflik wel bestaan, hetsy by die betrokke Bestuurslid of by die Bestuursraad, sal die betrokke Bestuurslid steeds onder 'n verpligting wees om die onsekere Konflik te verklaar, maar die Bestuursraad kan by wyse van 'n eenparige besluit verklaar dat die onsekere Konflik nie 'n konflik is nie. Die eenparige besluit sal wees met uitsluiting van die stem van die betrokke Bestuurslid, wat homself/haarself sal verskoon van die besluit). Hierdie besluit sal volledig genotuleer word, maar sal nie aan Algemene Jaarvergaderings voorgelê hoef te word nie, tensy 'n Bestuurslid dit versoek.

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17-03-2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mosselbaai, Bay 6500

## BYLAE C

### TOT DIE VERENIGINGSREËLS VAN DIE HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

(die "Vereniging")

#### ALGEMENE GEDRAGSREËLS

Die Grondwet van die Vereniging maak voorsiening vir sanksies vir wangedrag wat die heffing van boetes mag insluit (klousule 8.8.3). Die Gedragsreëls het ten doel om die harmonieuse saambestaan te verseker en die waarde van lede se eiendomme in die Vakansiedorp-gebied te beskerm.

Hierdie gedragsreëls is van toepassing op alle Lede van die Vereniging. Lede bly verantwoordelik en aanspreeklik vir die nakoming van die gedragsreëls deur hulle huurders, enige persone wat die huis bewoon, sowel as werknemers, gaste en besoekers.

#### 1. MOTORVOERTUIE

1.1. Die spoedgrens binne die Vakansiedorp is 30 (dertig) km per uur.

1.2. Bestuurders moet te alle tye bedag wees op voetgangers en kinders. 1.3. Alle motorvoertuie moet op die eienaar se eie erf geparkeer word waar moontlik. Dit geld ook huurders en gaste.

#### 2. GERAAS

2.1. Geen geraassteurnis, hetsy deur klanktoestelle of luide geselskap, word toegelaat binne die volgende tye nie:

2.1.1. Maandae tot Donderdae 23:00 tot 07:00

2.1.2. Vrydae en Saterdag 24:00 tot 07:00


2.1.3. Sondag (heeldag)

2.2. Geen stokperdjies of ander bedrywighede wat steurende geraas veroorsaak, word toegelaat nie.

2.3. Geen hinderlike of steurende geraas, of roekelose bestuur, ten opsigte van motors, duinebesies of motorfietse is toelaatbaar nie.

#### 3. BOU/KONSTRUKSIE

3.1. Geen bouwerk of enige strukturele veranderinge binne of buite 'n woning mag begin voordat die planne deur die Vereniging gestempel is en daarna deur die Munisipaliteit goedgekeur is nie. Bouwerk moet binne 2 (twee) jaar vanaf datum van aanvang voltooi word. 'n Kopie van die Bewoningstifikaat, asook van die Voldoeningsertifikaat vir die elektriese installasie, sowel as vir die gasinstallasie (indien van toepassing) moet by die Vereniging ingedien word.



3.2. Slegs 1 (een) persoon word toegelaat om voltyds op die bouperseel te bly as 'n wag. 'n Voorwaarde is dat die identiteit van hierdie persoon by die Vereniging se sekuriteitsdiens geregistreer moet wees.

3.3. Bouery, insluitend enige bou-aktiwiteit op die bouperseel, soos loodgieterswerk, skrynwerk ensovoorts, mag op Saterdag slegs tot 13:00 voortgaan en geensins op Sondag en op openbare vakansiedae nie. Alle bou-aktiwiteite moet op 15 Desember gestaak word en die terrein moet opgeruim word. Aktiwiteite mag slegs hervat word vanaf die Maandag van die tweede volle week in Januarie.

#### 4. TROETELDIERE

4.1. Honde, katte en ander troeteldiere mag net in ooreenstemming met munisipale regulasies aangehou word. Daarvolgens word troeteldiere slegs toegelaat op die Lid se erf, en slegs aan 'n leiband van die erf af.

4.2. Indien aan 'n leiband van die erf af, moet alle ontlasting opgetel word. 4.3. Streng munisipale reëls geld ten opsigte van honde op die strandgebied en wandelpad.

#### 5. SAKEBEDRYWIGHEDE

5.1. Geen besigheid mag vanaf enige Erf bedryf word sonder die skriftelike toestemming van die Bestuursraad nie. Sodanige toestemming is onderhewig aan Munisipale Regulasies. Toestemming mag te eniger tyd, sonder opgawe van redes, deur Bestuur teruggetrek word.

5.2. Geen smouse, kollektante of deur-tot-deur-verkope word toegelaat nie.

#### 6. KAMPERING

6.1. Kampering in karavane/tente op Erwe is verbode.

#### 7. VUURWERKE

7.1. Geen skiet van klappers/vuurwerke/Chinese lanterns word deur die Munisipaliteit binne die munisipale gebied van Mosselbaai toegelaat nie. Dus ook geensins binne die Vakansiedorp-gebied nie.

#### 8. INSTANDHOUDINGSTANDAARDE EN ALGEMENE NETHEID

8.1. Lede is verplig om die buitekant van hul woning en die res van hul Erf in aanvaarbare toestand te hou wat nie afbreuk doen aan die voorkoms en eiendoms waarde van die Vakansiedorp-gebied nie. In gevalle van verwaarlosing of verval kan die Bestuursraad vereis dat die eienaar die nodige doen om die situasie om te keer. 'n Redelike tyd vir die aanvang en vir voltooiing kan gestel word.



8.2. Geen ophoping van tuinvullis, boumateriaal, motorwrakke en/of ander afval word toegelaat op Erwe nie. Slegs maandelikse grassnydiens word deur die Vereniging voorsien.

8.3. Die verskillende tipes afval word op verskillende dae verwyder en moet in die korrekte kleur sak geplaas wees. Vullissakke moet buite sig van die straat af op 'n Lid se eie Erf gehou word.

8.4. Geen sakke mag voor sonder die voorafgaande dag op die sypaadjie voor elke betrokke Lid se eie huis geplaas word vir verwydering die volgende oggend nie. 8.5. Onwelriekende afval of materiaal soos verrotte vis, aas, babadoeke ens. moet op so 'n manier geberg of weggedoen word dat dit nie omliggende inwoners pla of aanstoot gee nie. 8.6. Bome binne die erfgrens is die verantwoordelikheid van die Lid. Dit sluit in die afsaag en

wegry van oorhangende takke wat verkeer belemmer. Die herstel van enige skade veroorsaak deur byvoorbeeld so 'n boom se wortels aan gemeenskaplike eiendom, soos randstene of strate, sal van die Lid verhaal word.

8.7. Lede mag geen bome of struike op sypaadjies of enige ander gemeenskaplike eiendom plant nie.

## 9. VURE

9.1. Braaivleisvure word slegs toegelaat in braaigeriewe soos geboude braaipekke, braaiketels en ander braaiers.

9.2. Geen materiaal of rommel mag verbrand word op die Lid se eie Erf, aanliggende Erwe of enige ander oopruimte nie.

## 10. DIENSVERSKAFFERS

10.1. Lede mag hul nie direk bemoei met aktiwiteite van die Vereniging se diensverskaffers soos byvoorbeeld die grassnydiens of sekuriteitsdiens nie.

10.2. Geen Lid, huurder of besoeker mag opdragte gee aan enige diensverskaffer van die Vereniging nie.

10.3. Dit is verbode om in te meng met diensverskaffers, met hulle te argumenteer, of hulle te skel of vloek.

10.4. Alle klagtes of besware moet by die administratiewe beampte of enige bestuurslid aangemeld word – verkieslik skriftelik.

## 11. OORTREDING VAN BOSTAANDE GEDRAGSREËLS

11.1. Aanmeldingspunt: Rapporteer by Sekuriteit wat die nodige stappe en prosesse sal volg.

11.2. Die Bestuursraad sal dit verder met die Lid op die volgende wyse hanteer: 11.3. Eerste oortreding: Skriftelike waarskuwing

MUNICIPALITY MOSSEL BAY  
MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI

17-03-2026

Privaatsak / Private Bag X29  
Mossebaai, Bay 6500

11.4. Tweede oortreding van dieselfde Reël: Boete van R1 000.00 (word bygevoeg op heffingsrekening.)

11.5. Derde oortreding van dieselfde Reël: Boete van R5 000.00 (Word bygevoeg op heffingsrekening.)

## 12. MUNISIPALE VERWYDERING VAN AFVAL- SLEGS TER INLIGTING

12.1. Elke Erf ontvang elke drie maande 'n aantal swart sakke (vir huishoudelike afval), blou sakke (vir herwinbare materiaal - papier, glas, blikkies en plastiek; geen 'foomalite') en groen sakke (vir tuinafval). Lede moet toesien dat huurders kennis dra hiervan EN ook genoeg sakke laat vir die huurders. (Kan aangevra word van sekuriteitsbamp.)

12.2. Die sakke word tans soos volg verwyder: Maandae: groen; Dinsdae: blou en swart. Alle sakke moet binne die Lid se eie erf gehou word tot na sonder die aand voor die sakke opgelaai word.  
Gedurende die Desember-vakansie reël die Vereniging vir'n addisionele verwydering van swart sakke.

Hersiene Grondwet Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging -KB LAW (JvA Booyens) REV 430/8/2022

